# *JEHOVA-JIREH*

Laat ons net 'n oomblik bly staan, terwyl ons God in gebed ontmoet. Hoeveel het 'n versoek, vandag? Sal julle dit net laat bekend word deur die opgeligte hand? Laat ons Hom nou glo, terwyl ons bid.

2 Ons Hemelse Vader, ons dank U vir wat ons oë gesien, en ons ore gehoor het, die openbaring van Jesus Christus aan Sy mense, en die voorreg te hê om in hierdie dag te lewe wat al die aartsvaders, en profete, apostels, en groot manne in vergange jare verlang het om hierdie dag te sien. Hulle net op die toneel kon verskyn, daardie antieke profete, en die einste ding, wat hulle in daardie jare gesien het, nou gedoen te sien word, wat 'n evangelistiese dienste daar sou wees! Miskien, opgesluit in tronke, hulle genoem is "mal mense." Ons lewe in die dag om dit alles te sien wat hulle deur geloof gesien het.

3 God, laat ons die geleentheid gebruik terwyl dit vir ons aangebied word. Hulle maak staat op ons, hulle het hulle Woord agtergelaat, die Woord van God wat aan hulle gewys is, hulle maak staat op ons om Dit uit te voer. Jesus het gekom om Dit te bevestig, en om die Heilige Gees te stuur om die werk voort te sit en ons krag te gee om mee te werk, tot hierdie dinge alles afgehandel is, en dan word die groot vrygekoopte Kerk van die lewende God weggeraap om Hom te ontmoet.

4 Daar is sommige hier vandag, Vader, wat nie hierdie salige, rustige hoop in hulle siel het nie, mag hierdie die dag wees dat hulle dit sal ontvang. Daar mag diegene hier wees wat moeg geword het op die pad, laat hulle weet, Here, dat ons nie na 'n piekniek toe gekom het nie, maar na 'n slagveld toe, veg elke duim van die pad, gee hulle moed, versterk hulle.

5 Daar's sommige hier wat gewond is, Here, die vyand het pyle van siekte in hulle liggaam ingeskiet, en beproewinge. Daar is soldate wat hier op die slagveld lê, wat op en aan die gang sou wees as hulle kon, maar hulle is, moet na die herberg geneem word waar die Versorger moet versorg. Vader, mag die ambulans van God hulle dra na 'n ware, egte geloof vanmiddag, skenk dit, Here, ons bid dat hulle genees sal word.

6 Daar was sommige wat hulle hande opgesteek het, Here, dat ek nie weet wat hulle probleme was, of wat hulle begeerte is, wat dit ook al is nie, ek bid vir hulle, Vader, dat U hulle begeerte vir hulle sal gee. Ontvang glorie uit die dienste soos ons onsself aanbied en die, ons Evangelie wat U vir ons nagelaat het om te preek, aan U vir verdere werk van bevestiging. In Jesus' Naam. Amen.

7 Mag maar sit. Ek sê waarlik dat ek jammer is dat hierdie die afsluitingsdiens van hierdie klein herlewing is, of net, ons het nie tyd gehad vir 'n herlewing nie, ons klein byeenkomsie. Maar ek het gekom op die uitnodiging van hierdie gawe groep manne, predikers van die stad, en rondom, omdat ek gelei gevoel het om te kom. Daar is plekke wat wag, ek sê dit nie net om dit te sê nie, ek sê dit omdat dit waar is, daar is plekke wat wag wat tiene van duisende mense bymekaar het, oral oorsee. Honderde plekke oorsee, groot stede in Amerika, rondom. Maar ek lê gewoonlik die dinge uit, die uitnodigings, en bid oor hulle, maak nie saak waar dit is nie, waar die Here ook al sê gaan, gaan Ek.

8 Net hier 'n tyd gelede, het ek 'n uitnodiging gelees, ek en die vrou het die uitnodigings gekry, die huis, een man het gesê: "Broer Branham, as jy sal kom, ons sal *so-en-so* geld waarborg," julle weet: "en *soveel*, as jy net sal kom."

9 Die volgende brief het gesê: "Broer Branham, ek het niks wat ek jou kan belowe nie, nie eens 'n plek om jou kop neer te lê nie." Gesê: "Ek's 'n getroude man, ek het sewe dogters, en vyf van hulle is groot, ons is almal hier in 'n klein, drie-kamer huisie." Gesê: "Ek preek onder twee dennebome." Gesê: "God weet ek het jou nodig." Weet julle waarnatoe ek gegaan het? Soontoe, dis reg. En daar, uit daardie diens, het hulle 'n—'n *groot* tabernakel gebou, en daardie man, sover ek weet, is steeds pastoor daarvan. En dit was onder in Arkansas. Sien, dis altyd die beste om die leiding van die Heilige Gees te volg.

10 Ek het nooit gepreek vir 'n—'n gawer gemeente as wat ek hierdie vyf aande, vyf dae hier het nie. Ek waardeer julle almal, julle was baie getrou. Ek waardeer hierdie goeie klomp predikers hieragter. Ek is so bly dat—dat hierdie groep mense herders het om oor hulle te waak, soos hierdie.

11 Eintlik, *pastoor* kom van die woord, 'n *herder*: "'n voeder van die kudde." En hulle is pastore, herders. En hierdie Evangelie wat ek preek, hulle glo dit, dis waarom hulle dit borg. Dis waarom hulle hierbo op die platvorm sit om te sê dat "Ons verteenwoordig hierdie diens."

12 En ek, die bekeerlinge, die mense wat hulle lewe, en hulle toekomstige diens, aan Christus geoffer het, ek vertrou dat julle op alle moontlike maniere party van hierdie predikers sal sien, en hulle julle sal laat doop in Christelike geloof. En—en God julle die Heilige Gees gee, en julle 'n lidmaat van hulle kerk sal wees.

Nou, ons verteenwoordig nie enige organisasie, of sekere . . . Ons net, Jesus Christus, almal van ons.

13 Ek wil hulle bedank vir die uitnodiging aan my, dat hulle by my staan en my help. Broers, ek waardeer julle beslis. En ek bid dat eendag, as dit die wil van God is, ek kan terug wees vir 'n uitgebreide diens waar ons iewers kan inkom, en meer tyd hê.

14 En aan die amptenare, die trustees van hierdie gebou wat ons hierdie gebou laat kry het, ons waardeer dit, die hoflikheid van die opsigters, ensovoorts, en wat hulle alles gedoen het. Een van die kêrels het net nou daar gestaan, vir ons 'n parkeerplek gehou, baie gaaf, 'n goeie soort van 'n heer wat daar staan, gekleurde seun, ek wens hom die allerbeste van God se seëninge toe. En alles, ek waardeer dit.

15 En vir die gemeente, hoe julle gereageer het en die Woord geglo het wat gepreek is!

16 En hulle sê vir my dat al die skuld afbetaal is, en dat hulle 'n liefdesoffer opgeneem het. Ek, julle hoef dit nie te doen nie, ek waardeer dit, egter. En ek sal julle verseker dat daar nie enige daarvan spandeer sal word vir whisky, sigarette nie; dit reg in die Koninkryk van God sal ingaan. Wat ek daarmee doen, dit gaan reguit na die . . . Weet julle wat gebeur daarmee? Dit gaan na buitelandse sendings, ek neem nie 'n pennie daarvan nie, dit gaan om die sendings te ondersteun waar ek oorsee gaan. Wanneer ek genoeg opgebou het, dan gaan ek oorsee en preek vir mense wat nie eens weet watter regter- en linkerhand is nie, hulle weet nie wat 'n ordentlike maaltyd is nie, hulle dra nie eens klere nie.

17 So ek moet antwoord vir daardie geld, en dan weet ek, ek's 'n goeie rentmeester, ek sal dit spandeer in die Koninkryk van God. My kerk gee my 'n—'n salaris van 'n honderd dollar per week, dis waarvan ek lewe saam met my kinders.

18 Terloops, iemand het vir my twee dollar gestuur, ek waardeer dit, deur my seun, en daar was twee vyf-dollar tjeks wat ingekom het hierdie week. En die . . . Iemand het 'n rukkie gelede vir ons 'n karton ingemaakte swartbessies gestuur, my vrou weet dit nog nie. Skat, waar jy ook al is, ons is nou op pad na 'n gastronomiese jubelfees. Ek—ek hou regtig van swartbessies.

19 Party van julle, miskien, het vir my briewe geskryf, ek het die beste geantwoord wat ek kon. Nou, by die vrae wat julle my vra in Doktrine, ek het julle pas terugverwys na julle pastoor, julle sien, want ek—ek doen dit nie, sien. Dis mooi, ek waardeer dat julle soveel vertroue stel, maar julle sien, almal van ons sal nie saamstem nie, net, oor basiese dinge, ons almal, ons stem saam oor dieselfde dinge, maar elke man, miskien twee of drie wat *daar* sit, sou nie. Dis waarom ek gesê het: "Vra jou pastoor," sien, want partymaal veroorsaak dit 'n bietjie wrywing in die kerk, en ons wil dit nie hê nie, ons—ons wil hê julle moet in harmonie en eensgesindheid wees. Ek dink aan julle pastoor soos die lied, *Genade Onbeskryflik Groot*:

> Dit was genade wat my sover veilig gebring het,
> Genade sal my verder neem.

20 As die pastoor die Evangelie gepreek het, en jy is bekeer en gevul met die Heilige Gees, vertrou Hom verder, hy sal sorg vir die res daarvan, gaan net reguit aan.

21 So, ek beantwoord nie Doktrine vrae nie. Ek glo net in die groot fundamentele, evangeliese Doktrine van die Bybel. En wat ek hier sê, selfs as julle pastoor nie daarmee saamstem nie, sal ons net een ding weet, dat basies, ons albei dieselfde ding glo.

22 Julle weet, selfs ek en my vrou stem nie saam oor alles nie. Dis reg. Sy, wanneer sy tert eet, hou sy van bessietert, en ek hou van kersietert. Ek hou daarvan om kersie te kies, en ek hou ook van bessietert, verstaan, maar ek verkies kersietert, sit daardie sap daar bo-oor, en gooi dan botter daar bo-oor, dan molasse daar bo-oor, dis dan net reg om te eet, dis reg, dis *regtig* lekker.

23 Nou, ek sê julle, sy hou van dieselfde ding, maar sy's bang vir die kalorieë, ek dink dis wat. Maar ek sê jou, Skat, waar jy ook al hierbinne is, wanneer ons hierdie swartbessietert maak, sal ek al die kalorieë vir jou uitsoek, geniet jy—jy maar net jouself.

24 God seën julle, baie dankie, alles wat julle gedoen het, julle het die dienste ondersteun en dis al wat nodig was. Ek gaan julle nog een guns vra, as julle sal. Miskien hierdie somer, en op . . . Ek hoop om julle weer aan hierdie kant van die Jordaan te sien, as ek nie kan nie, sal ek julle aan die ander Kant ontmoet, en hierdie selfde Evangelie wat ek gepreek het, sal ek staan om daardeur geoordeel te word aan die Kant.

25 Nou, ek wil dit graag sê, dat as daar enige tyd is wat ek vir julle 'n guns kan doen, sal ek dit graag doen. Ek het altyd gesê: "Ek sou wou, dat nagte nooit te donker word, reën nooit te hard sal val, wat ek nie sou kruip om by julle uit te kom nie." Nou, met 'n hele wêreldwye bediening, 'n persoonlike kontak van omtrent tienmiljoen mense, kon ek dit nie doen nie. Want ons het een telefoon gehad, ons het getel sodra die oproepe ingekom het op hierdie een telefoon, en hulle het gemiddeld, ek glo dit was, omtrent twintig of dertig langafstand oproepe per uur. Sien? So julle sien, jy net, jy kon dit nie alles beantwoord, en daarby uitkom nie.

26 Maar ek sê een ding, ek doen alles wat ek kan. Hulle skryf daardie versoeke neer, as ek kan, soveel as wat ek kan terugskakel, doen ek, en bid oor elkeen van hulle, en alles wat ek kan doen. En ons bid vir klein doekies en stuur hulle uit, as julle een wil hê, alles wat ons het is gratis, so stuur net en kry dit.

27 Nou, ons wil nie jou adres hê nie, soos ek gesê het, dit is moeilik vir my om hulp te kry om selfs briewe te beantwoord. Nou, jy sal 'n—'n strokie kry wat gemaak is, 'n gekopieerde strokie, oor wat om te doen, hoe om na jou pastoor toe te gaan, wanneer jy hierdie doekie kry. Hoeveel glo daarin, sakdoeke en voorskote, Handelinge 19? En dis—dis, die grootste deel van my bediening is dit.

28 En ek het altyd hierna verwys, dit lyk so vreemd. Daar was 'n vroutjie in Duitsland wat een hier gekry het, omtrent 'n jaar of twee gelede. O, sy het agterop vertaal, die vertaler het, in Engels,

sodat ek dit kon lees. Sy was vir omtrent vyftien jaar kreupel in 'n rolstoel. En sy het dit gekry, en sy het gelees hoe sy die pastoor moet roep, en as daar geen pastoor was nie, 'n paar Christene roep, dan alles bely wat sy ooit verkeerd gedoen het en dit reg maak met God, dit dan bo-oor haar hart lê, dit op haar onderrok moes vasspeld, en dan geloof hê.

29 So toe sy dit alles gedoen het, was haar pastoor daar, en sy het dit op haar hart gesit, sy het gesê: "Nou, ou-man duiwel, jy het my lank genoeg gehad, gaan weg!" Sy het opgestaan, en verder geloop. Reg. Dis net hoe—hoe eenvoudig dit was, volmaak genees, normaal.

30 Dis net jou eenvoudige geloof om te glo. Mense probeer geloof te ingewikkeld maak, dis nie ingewikkeld nie, dis net eenvoudige, kinderlike geloof.

31 Julle weet, die bloed in die Ou Testament is aangewend met hissop, julle het dit al baiekeer gehoor. Weet julle wat hissop is? Net gewone onkruid, jy vind dit oral. Onder in Egipte, ensovoorts, groei dit uit die rousteen, krake in die gebou, waar die—die wind die saad gedra het. Hulle kry dit, die klein, soort van 'n klein diamantvormige blaartjie, het 'n blom daaraan, net hissop, algemeen. Wat beteken dit? Jy hoef nie enige supergeloof te hê om die Bloed van Jesus Christus toe te pas nie, net gewone geloof, dit te glo. Dis al.

32 En onthou, die Woord van God sal Satan enige plek, enige tyd, op enige gronde verslaan. Dis reg. Die Woord van God sal Satan verslaan.

33 Nou, die vraag, die ding wat ek julle wou vra: Ek trotseer baie groot probleme, oorsese velde, word uitgedaag deur—deur elke soort van 'n duiwel-doktrine waaraan gedink kan word. Wanneer die winde baie hard en warm waai, sendelinge wat staan, wat wil sien wat gaan gebeur, hulle, al die toordokters rondom, kan ek onthou in Richmond, Virginia, bid julle vir my? Kan ek dit onthou? Dis waarop ek staatmaak. God seën julle. Ek sal daarop staatmaak, ek sal altyd Richmond onthou, hierdie goeie, groepie.

34 Nou, volgende week is ons hierbo in Middletown, Ohio. En dan aan al julle uitnodigings, hierdie broer, sommige, een van die broers was hier iewers, ek het dit pas opgetel, ek het dit 'n rukkie gelede gesien toe my veldsekretaris dit vir my gegee het om terug te kom, na hier bokant, weer by hierdie Washington, DC. Nou, ons mag in staat wees om dit binnekort te kry, ek het 'n klein gevoel daaroor gekry, by Washington, DC miskien, voor ons oorsee gaan, so ons mag in staat wees om dit te kry.

35 En aan die broer, ek reken nie hy's hier nie, wat gister in die diens was, oor onder in Carolina, ek moet Florida toe gaan, die Christen Sakemanne se konvensie, ek moet daarin preek in Julie, dink ek, die eerste, tweede, derde, en vierde, by Miami, en dan, miskien, op pad soontoe, mag ek in staat wees om dit te kry,

een van hulle daar in Carolina, soos ons afgaan, want hulle het oorgekom op Hoofweg 1 om af te gaan.

36 Die Here seën julle. Ek kan net heelmiddag met julle praat, maar julle moet kerk toe gaan vanaand, en ek hoop julle sal, en 'n wonderlike, wonderlike diens hê.

Nou, laat ons, nog een keer, ons hoofde buig voor God.

37 Vader, ons maak gereed om die bladsye van hierdie Boek oop te blaai. En ons lees in die Bybel waar ons hierdie Boek gesien het in die regterhand van Hom wat op die Troon gesit het, en daar was niemand wat in staat was om die Boek te neem, of om die Seëls oop te maak, of selfs om daarna te kyk nie. Maar daar het 'n Lam gekom wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af, en Hy het die Boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon gesit het, en Hy het die Boek oopgemaak en die Seëls.

38 Ons sou vandag bid, Vader, ons weet enige man wat fisies in staat is om sy hand op te lig, kan die blaaie van hierdie Boek omblaai, maar daar's niemand wat Dit kan oopmaak nie, behalwe daardie selfde Lam, ons bid dat Hy dit vanmiddag sal skenk, dat Hy sal kom en hierdie Evangelie vir ons sal oopmaak. En wanneer ons vanmiddag vertrek, en die dienste gesluit is, mag ons sê, soos hulle wat van Emmaüs af gekom het daardie dag, "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

39 Die Here seën julle.

40 En nou, julle wat die Skrifaantekeninge hou van waarvan ons praat, as julle sou blaai na die 22ste hoofstuk van Génesis en die 14de vers:

> *En Abraham het die plek Jehova-Jireh genoem: soos daar gesê is* tot *vandag toe: Op die berg van die Here sal dit gesien word.*

41 *Jehova-Jireh*. God het sewe saamgestelde, Verlossingsname, en *Jehova-jireh* is Sy eerste: "die Here sal 'n offer voorsien," *Jehova-rapha*: "die Here wat al jou krankhede genees," en *Jehova-*. . . "jou banier en jou skild," ensovoorts. Hy het sewe saamgestelde, Verlossingsname, en daardie Name is onskeibaar.

42 Die aand, toe daardie foto geneem is, wat julle nou hier het, wat wêreldberoemd geword het om die wêreld, van daardie Vuurkolom wat gestaan het waar ek was, en die . . . Hulle het dit baie, baiekeer geneem, maar ons wou dit nie laat publiseer totdat dit eg bewys was nie; soos 'n getuienis van een of ander genesing.

43 Julle let op in die Christen Sakemanne, die boekie wat hier vir julle uitgegee is, die Christen Sakemanne se *Stem*, oor die dooies wat opgewek is? Ons kan dit nie sê tensy daar 'n getekende sertifikaat deur die dokter is nie. Sien? En dit moet bewys word voor jy dit kan druk, enigiets soos daardie, want dis onwettig om dit te doen. So, wel hierdie dinge is as eg bewys.

44 En nou, daardie Vuurkolom wat in die foto is, die aand wat Dit geneem is, was by—by die Houston, by die Sam Houston Coliseum. Ons het omtrent ’n agtduisend gehad by die Musieksaal, en ons het soontoe gegaan daardie aand met omtrent twee-en-dertigduisend. Maar hulle het my gevra, vir ’n Baptiste prediker, om die debat met hom te hou oor Goddelike genesing. Ek debatteer nie met mense nie, ek glo nie in stry met mense nie, die Evangelie is nie gemaak om oor te stry nie.

45 O, toe ek die eerste keer georden is in die Baptiste kerk, het ek gedink ek was ’n verdediger van die geloof. So ek het uitgevind: “Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal kom.” So, sien, wel, jy—jy—jy stry met mense, hulle—hulle is oortuig van hulle opinies, of hulle sou nie stry nie, so dan, help jy—jy hulle glad nie.

46 So hy wou hê ek moet een aand neem om te debatteer. En toe die—die *Houston Chronicle*, of, ek dink dit was die naam van die koerant, hulle het daaroor berig, en hy het ’n betaalde advertensie daarin geplaas, en gesê dit het gewys waarvan ons gemaak is, ons was bang om die Evangelie te trotseer volgens die Woord van God.

47 So Dr. F. F. Bosworth, hy was toe omtrent tagtig jaar oud, hy het soontoe gekom. En verslaggewers het gewag, gesê wat ek daaroor sou sê, en ek het gesê: “Ek stry nie. Ek . . . Daardie . . . Ek het net *soveel* aande om hier te wees, en ek het nog twee aande oor, en daar is tiene van duisende mense hier om voor gebid te word, waarom sou ek ’n aand op net een of ander kritikus mors? Laat hom voortgaan, Jesus het gesê: ‘Los hulle uit. Die blindes die blindes lei, sal hulle nie in die sloot val nie?’” Ek het gesê: “Hier’s duisende wat dit wel glo, waarom lol met een wat dit nie glo nie,” sien: “en al daardie tyd mors?”

48 Broer Bosworth, ek sal nooit vergeet die . . . Hy’s in die hiernamaals vandag, tagtig jaar oud. En Dr. Best van die Baptiste tabernakel daar was pas uit die skool, en omtrent dertig jaar oud, met al sy grade, ensovoorts. En Broer Bosworth het gesê: “Wel, Broer Branham, as jy dit nie wil doen nie, laat ek dit doen.” Ek het gedink aan ou Kaleb: “Laat ek hierdie berg inneem.”

Ek het gesê: “As jy belowe jy sal nie stry nie.”

Hy het gesê: “Ek belowe.” En daar het hy getrek.

49 En hier, die volgende dag, natuurlik weet julle hoe die koerante dit kan opblaas: “Kerkhare gaan waai.” So toe het dit ’n groot groep gelok.

50 En dis een keer, broers, waar ek uitgevind het dat al die Pinksters eensgesind sal wees, eendag. Ek gee nie om op hoeveel boggelrug kamele hulle gery het nie, een, twee, drie, vier, hulle was almal daar, want die een ding in gemeen, Goddelike genesing

was op die spel, en hulle glo dit almal. Ja, meneer. En hier was hulle almal.

51 En daardie aand toe Dr. Best opgestaan het, wou hy hê Broer Bosworth moes eerste kom. En Broer Bosworth het gesê: “Ek het seshonderd vrae hier uitgeskryf op papier. Doktor Best, hierdie vrae bewys dat Christus se gesindheid, vandag, teenoor die siekes, net so is soos dit was toe Hy hier op aarde was. As jy een van hierdie vrae kan neem en dit deur die Bybel weerlê, dan sal ek soontoe gaan en gaan sit, en—en ons sal die debat aan jou toeken.” Dis ’n redelike breë stelling, maar hy, daardie seun het geweet om nie te lol met daardie kêrel nie.

O, hy het gesê—hy het gesê: “Ek sal daarvoor sorg wanneer ek daarbo kom, ek sal daarvoor sorg wanneer ek daar kom.”

52 Hy het gesê: “Dan, Mnr. Best,” het die moderator gevra, gesê: “Ek sal jou een vraag vra, jy antwoord dit, *ja*, of, *nee*, en ek sal gaan sit, as jy net sal sê, *ja*, of *nee*.”

En, moderator, hy het gesê hy sou.

53 Hy het gesê: “Was die sewe saamgestelde, Verlossingsname van Jehova van toepassing op Jesus, *ja*, of *nee*?” O, goeiste!

54 Nou, ek was nie veronderstel om daar te wees nie, maar ek het op omtrent die tiende balkon daarbo gesit, iewers, met my jas opgetrek, twee polisiemanne wat bokant my staan soos *daardie*, en my broer, en vrou, en my dogtertjie, wat daar sit. Ek sê julle, ek het rillings voel afloop! Ek het nooit tevore in my lewe daaraan gedink nie. Hy kon nie daardie een antwoord nie. Sien?

55 As die saamgestelde, Verlossingsname van Jehova nie van toepassing was op Jesus nie, was Hy nie Jehova-Jireh: “die Here se voorsiende Offerhande,” nie, was Hy nie die Verlosser nie. Nee, meneer. En as dit op Hom van toepassing was, dan is Hy Jehova-Rapha net soos Hy Jehova-Jireh is, want die Name is onskeibaar. Jehova, die Geneser, net soos Hy die Verlosser is, wat dit afgehandel het. O!

Toe het hy opgestaan, en hy het gesê: “Ek sal sorg. . .” Hy wou hom nie *ja*, of *nee* antwoord nie, so hy kon hom nie antwoord nie.

56 So ek het gedink: “Die dapper, daardie ou man wat daar staan!” So toe het hy daar opgekom, en toe het hy ’n baie goeie Campbellitiese preek gepreek. ek is gewieg in ’n Baptiste wiegie, ek weet wat hulle glo. So hy het nooit die Baptiste doktrine gepreek nie, hy het Goddelike genesing gepreek in die Millennium. Hoe sou jy Goddelike genesing nodig hê in die Millennium wanneer hulle ’n verheerlikte liggaam het? O, wat hy—wat hy gaan. . .Hoe mense sal probeer om die Skrifte te verdraai net omdat hulle Hulle nie ken nie, of, nie sal toelaat dat die Heilige Gees hulle daarnatoe lei nie! Dis reg.

57 So toe, toe hy klaar was, het hy gesê, hy het ’n paar fotograwe van die Douglas Studios gehad, hy het gesê: “Ek wil hê jy moet ses foto’s van my neem.” Hy het gesê—hy het gesê: “Ek gaan daardie ou man se vel aftrek, Bosworth, en sy vel aan my studeerkamerdeur hang, as ’n gedenkteken van Goddelike genesing.” Daardie gesindheid het gewys dat daar iets gekort het *hier* onder, as ’n Christenbroer. Maar die Here is ons Verdediging.

En hy het sy vuis gevat soos *hierdie*, hy het gesê: “Nou, neem dit *so*.” En hulle het dit geneem. Hulle het ses foto’s geneem.

58 Nou, wanneer ek by die platvorm kom, as julle oplet, as hulle ooit begin neem, hulle wil hulle nie toelaat om foto’s te neem nie, die—die Lig waarna ek kyk, is ’n lig, Dis ’n lig, ook.

59 So, en so—so naderhand, het hy gesê, Mnr. Best, hulle het toe ’n verskil gehad, so toe het hy gesê: “Niemand glo in Goddelike genesing, behalwe ’n klomp holy-rollers nie.” En gesê: “Niemand sou so-iets soos daardie glo nie.”

Mnr. Bosworth het gesê: “Mnr. Best, verskoon my—my, alle kerke glo in Goddelike genesing as hulle die Bybel glo.”

Hy het gesê: “Wel,” het hy gesê: “’n—’n goeie Baptis sou nie sulke goed soos daardie glo nie.”

Hy het gesê: “Net ’n oomblik, Mnr. Best.”

Hy het vir die moderator gesê: “Kan ek ’n oomblik die mikrofoon kry?” Hy het gesê hy kon.

60 Gesê: “Almal in hierdie ouditorium,” omtrent twee-en-twintigduisend mense, hy het gesê: “al julle mense hierbinne wat aan hierdie Baptiste kerke behoort, met hierdie Baptiste predikers wat hier sit, dis lidmate van hierdie Baptiste kerke wat deur ’n sertifikaat kon wys dat julle genees is deur Goddelike genesing vandat Broer Branham hier was, staan op julle voete.” En iets oor die driehonderd het opgestaan.

Gesê: “Wat daarvan?”

61 Hy het daar gesit, toe het hy gesê: “Bring daardie geneser uit, laat ek hom sien optree. Laat . . . Bring vir- . . . Laat ek hom sien, hy kan my nie hipnotiseer nie,” soos daardie. En hy het van die platvorm af weggespring, gesê: “Laat ek hom sien optree.”

Gesê: “Skaam jou, Mnr. Best! Jy behoort dit nie te sê nie.”

So, hy het begin afgaan van die platvorm.

62 En hy het gesê: “Nou, ek weet Broer Branham is hier.” Gesê: “As hy die gehoor wil verdaag, goed,” gesê: “as jy wil.” Hy het geweet waar ek was, so, hy het my gesien. So ek het gesê . . . Ek . . . Hy . . . En ek het net stilgesit. En so, het hy gesê: “Broer Branham, ek weet jy luister na my, as jy wil kom,” en almal het rondgekyk, gesê: “jy wil kom,” gesê: “jy kan kom en die gehoor verdaag.” En ek het net stilgesit.

En naderhand het ek. . .my broer wat daar gesit het, gesê: “Sit stil.”

Ek het gesê: “Sit ek nie stil nie?”

63 So toe, net omtrent daardie tyd, het ek *Iets* gehoor, ek het opgekyk, en daar het daardie Lig bokant my gehang, ek het opgestaan om af te gaan.

My vrou, wat daaragter gesit het, het vir Howard gesê, my broer, gesê: “Moenie! Bly daar. *Daar* is Dit.”

64 So omtrent vyfhonderd plekaanwysers het hulle hande gevat, en mense, babatjies wat probeer raak aan jou. . .julle weet hoe dit is, en so, dis jammerlik. En soos ons afgegaan het na die platvorm, het ek gesê: “Nou, as dit die visioene is wat ter sprake, my opdrag van God. . . ” Ek het gesê: “Mnr. Best gesê ek was ’n geneser.”

En toe het hy opgehardloop op die platvorm, gesê: “As ’n man, bewonder ek jou, maar as in doktrine is dit verrot.”

65 Ek het gesê: “Ek kan dieselfde komplimente gee.” En so toe, ons net. . .Hy het voortgegaan. En—en so ons. . .Hy het gaan sit. Ek het gesê: “Moenie enigiemand nou sleg dink van die man nie, hy’s ’n Amerikaner, hy het ’n reg, dis,” die Koreaanse Oorlog was toe aan die gang, ek het gesê: “hy, dis waarvoor ons seuns veg, vryheid van godsdiens.” Ek het gesê: “Maar ons verskil net oor Skrifte. Maar miskien. . . ”

66 Ek het gesê: “Ek het gedink hy was opreg totdat hy daardie mense daar probeer beroof het, wat het. . .Hy het gesê hy het jammer gevoel vir hulle wat daar op daardie beddens lê, en nou probeer hy die enigste hoop wat hulle oor het van hulle wegneem, die dokters het hulle opgegee. En daar sit honderde daar, wat genees was in die laaste twee weke, hier. En hier, hierdie mense, wat hulle probeer beroof van die enigste hoop wat hulle het, om een of ander soort van ’n verdraaide, onbesonne doktrine te regverdig.” Ek het gesê: “Ek dink nie hy is opreg nie, hy kan nie wees, deur dit te doen nie.”

67 So toe het ek gesê: “Maar ek praat, ek’s net ’n man, maar die opdrag, God sal dit bevestig.” En net sodra ek dit gesê het, hier het Dit gekom, wat afsirkel soos *daardie*. Mense begin flou word, skree, en alles. Hulle het die foto daarvan geneem.

68 Mnr. Ayers, die een wat dit geneem het, was ’n Katoliek, lyk vreemd, maar hy het gewerk saam met ’n man, Jood, met die naam van Kipperman. En toe hulle gesien het. . .Hy het een daar oorkant geneem, en die sure ingesit, en getoets, die negatiewe uitgehaal, en elkeen van daardie foto’s met Mnr. Best wat sy vuis skud onder daardie heilige ou man se neus, elkeen van hulle was skoon, het glad nie afgeneem nie, God wou nie toelaat dat hulle geneem word nie, maar toe hulle die foto geneem het, was daar die Engel van die Here wat daar gestaan het.

69 Hulle het dit geneem voor, om dit hiernatoe te stuur na Washington, DC, en kopiereg daarvoor gekry, dit teruggebring, en George J. Lacy geskakel, hy's die hoof van die FBI van vingerafdruk en dokument. En hulle het dit geneem en dit vir omtrent vyf dae ondersoek, en ons het in die Houston Shell gebou daar ontmoet.

En—en so het hulle gesê: "Wie se naam is Branham?"

En ek het vir hom gesê dis myne, en opgestaan.

Gesê: "Jy gaan ophou lewe soos alle mense."

Ek het gesê: "Ek's . . . Ek weet dit."

70 "Maar," gesê: "solank daar 'n Christelike beskawing is, sal hierdie foto nooit sterf nie." Hy het gesê: "Daar is gesê deur die ou skynheilige," hy het die ongelowige bedoel, hy het gesê: "dat 'n bonatuurlike nooit wetenskaplik bewys kon word nie." Hy het gesê: "Mnr. Branham, ek het gesê dit was sielkunde, dat jy mense se gedagtes gelees het," hy het gesê: "Maar, Mnr. Branham, die meganiese oog van daardie kamera sal nie sielkunde afneem nie, die Lig het die lens getref." Dis reg. En so, is dit baie, baiekeer gedoen sedertdien.

71 Wat is die aard Daarvan? Dis Jesus. Kyk, hoeveel glo dat Jesus Christus die Engel van die Verbond was, daardie Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het? As jy die Bybel glo! Hy het gesê: "Ek is die EK IS." So daardie, Hy was die EK IS.

72 Nou kyk, Hy was op aarde, en Hy het gesê: "Ek het van God af gekom, en Ek keer terug na God." Is dit reg? "Ek kom van God af, Ek gaan na God toe."

73 Na Sy dood, begrafnis, en opstanding . . . Nou, kyk wat daardie Lig gedoen het toe Dit in Jesus was, die teken, hoe Hy uitgekyk het, hulle gedagtes waargeneem het, en hulle vertel het wie hulle was, en wat, sovoorts, bewys het Hy was die Messias. Nou, toe daardie na Sy dood, begrafnis, en opstanding, het Hy teruggekeer na God die Vader, en Paulus, op sy pad af na Damaskus, 'n yslike groot Lig het uitgeflits en hom verblind. Is dit reg? En Hy het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Is dit reg? Hy het na God toe gegaan; van God af gekom, en na God toe gegaan.

74 Petrus, in die tronk daardie nag, daardie Lig het in die tronk ingekom, die deure voor hom oopgemaak, die Engel van die Here; en dis altyd Jesus Christus, die Engel van die Verbond, natuurlik.

75 En nou, vandag, as Dit teruggekeer het . . . Vir die eerste keer in die hele geskiedenis van fotografie en dit is afgeneem. Duitsland het gevra of hulle dit kon neem.

76 Ek het gesê: "Miskien wel." Baie van julle almal, miskien, het dit gesien oorkom, waar Duitsland die groot kamera opgestel het,

en die foto geneem het, Dit het afgekom terwyl Dit gesalf het, wat Dit vir die kêrel vertel het, ek het met hom gepraat, en toe toe Dit teruggegaan het.

77 Hulle het Dit in Kalifornië afgeneem hier 'n paar weke gelede, die mees uitstaande een wat jy ooit gesien het.

78 Wat is dit? Dit bewys dat daardie selfde God vandag met Sy Kerk is, onder ons woon, dieselfde Lewe voortbring wat in Christus was, in die Kerk is. Amen. Ek kan nou op my . . . van my preek afgaan, nie waar nie?

79 *Jehova-Jireh*, laat ons dit neem. Hierdie word aan Abraham gegee. En ek sal soort van die hoogtepunte daarvan tref sodat ons hier kan uit wees teen vieruur, as dit nou moontlik is. En nou, wil ek hê julle moet goed luister, my julle onverdeelde aandag gee.

80 *Jehova-jireh*: "die Here sal vir Homself 'n offer voorsien." Laat ons teruggaan en 'n bietjie van Abraham kry; Abraham was die een aan wie die belofte gemaak is. En ons kan net gered word soos ons Abraham se Saad word, want Abraham en sy Saad was die een aan wie die belofte gegee is. Is dit reg, broers? Abraham en sy Saad na hom.

81 Nou, kom ons gaan terug na Génesis 12, ek sien party van julle dit neerskryf, Génesis 12, ontmoet ons—ons vir Abraham vir die eerste keer. En God het Abraham geroep, hy was net 'n gewone man, het afgekom van—van die toring van Babel af saam met sy vader, en in die stad van die Chaldeërs gewoon het, in die land—die land van die Chaldeërs, die stad Ur in die vlaktes, miskien 'n gewone lewe gelei.

82 En hy was 'n man vyf-en-sestig jaar oud voor God, of, vyf-en-sewentig jaar oud voor God ooit met hom gepraat het. Nou, dit gee ons ou mense 'n bietjie moed, nie waar nie? Vyf-en-sewentig, en Sara was sy halfsuster, en hy het met haar getrou toe sy omtrent agtien jaar oud was, en hulle het geen kinders gehad nie. Sy was onvrugbaar, hy was steriel, so hulle het geen kinders gehad nie.

83 En sy was vyf-en-sestig jaar oud, en hy was vyf-en-sewentig. Nou, op vyf-en-sestig sou sy omtrent vyftien jaar verby menopouse wees. So, sy was—sy was onvrugbaar, en hy was ook onvrugbaar. Toe het hulle, daar was geen manier vir hulle om kinders te hê nie, maar God het hom ontmoet, en vir hom gesê, en hom geseën, en hom die verbond gegee, en vir hom gesê dat hy 'n kind by Sara sou hê, en deur daardie kind alle nasies sou seën, deur sy saad.

84 Nou, as julle oplet, nou, ek sal nou met 'n bietjie leer hier moet begin, maar ek bedoel nie om te twis nie, maar as julle sal oplet dat die verbond aan Abraham en sy Saad gegee is. Nou, nie *sade* nie, maar *Saad* van Abraham, die Saad van Abraham. En die Skrif sê: "Ons wat in Christus is, is Abraham se Saad, en is erfgename saam met hom volgens die belofte."

85 Nou, hoe word jy Abraham se Saad? Wanneer jy Christus aanneem deur die Heilige Gees doop, dis die enigste manier wat jy Abraham se Saad kan wees, want dit plant in jou die geloof wat Abraham gehad het.

86 Nou, Abraham, baie mense dink was ’n Jood, hy was nie, hy was ’n Heiden. Maar nou, maar Abraham en, kom ons sê dit saam: “Abraham en sy Saad.” Die verbond is met hulle gemaak.

87 Abraham en sy Saad, so kom ons sê: “Ons is Abraham se Saad.” Hoeveel is in Christus? Steek jou hand op. Dan volgens hierdie salige Boek is julle Abraham se Saad, en is julle mede-erfgename, en is julle ’n erfgenaam saam met Abraham van al die besittings wat God aan die mense gegee het. Julle Abraham se Saad is, dan moet julle Abraham se geloof hê om Abraham se Saad te wees. Begryp julle dit? O, ek hoop so.

88 Let nou op, die verbond is onvoorwaardelik met Abraham gemaak. Nou, Hy het ’n verbond met Adam gemaak: “As jy ’n sekere ding sal doen, sal Ek ’n sekere ding doen.” En die mens verbreek altyd sy belofte aan God, sy verbond, altyd. Maar hierdie verbond, sien julle dit? Dit was aan Abraham en sy Saad onvoorwaardelik. Nie: “As jy sal nie.” “Ek het!” Let dit op? Vir Abraham se Saad, nie nou vir die buitewêreld nie, vir Abraham en sy Saad was die verbond onvoorwaardelik. Nie: “As jy sal, sal Ek” nie, maar: “Ek het alreeds, vir jou.”

89 Daarom “Bewys dit vanmiddag,” God hoef nie af te kom en nog ’n operasie uit te voer om jou te genees nie, Hy het jou alreeds genees. Hy *was* ter wille van ons oortredinge deurboor, deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom. Jy’s alreeds genees, die enigste ding wat jy hoef te doen is om dit net te ontvang. As jy net nie opreik en dit kry nie, jy is Abraham se Saad, dan glo jy dit, en dis alreeds daar. So, daar is geen—daar is geen betwyfeling daarvan nie, dis alreeds daar, dis joune. O, goeiste! Ek wens ek kon. . . wens dit kon aan die brand slaan, net soos om te gooi, ’n vuurhoutjie op geweerkruit te gooi.

90 Kyk, sien julle wat ek bedoel? Dis alreeds joune, dit behoort aan jou, want jy is Abraham se Saad as jy die Heilige Gees ontvang het. Jy’s verseël, jy’s dood, en jou lewe is verborge in Christus deur God, verseël deur die Heilige Gees. Hoe lank? Tot die volgende herlewing? Tot die dag van jou verlossing. Efésiërs 4:30: “Bedroef nie die Heilige Gees nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing.”

91 Voor ’n trok verseël kan word, ’n treintrok, moet alles net goed en stewig daar inpas, dis waarom soveel nie die Heilige Gees kry nie, te los. Soos die arend wat sy kleintjies opneem, sy waai al die los vere daar uit, voor sy hom daarbo kry, of hy sou sy nek breek. Sien?

92 Dan, sou ’n kraai nooit saam met ’n arend kan vlieg nie. God vergelyk Sy profete met die arend; Hy’s Self ’n arend. ’n

Kraai kon nooit vlieg, ’n arend volg nie. O, as ’n valk dit sou probeer, sou hy disintegreer in die lug. Wel, sekerlik, ’n arend is ’n spesiaal-gemaakte voël, so hy moet spesiale vere hê, en spesiale oë om op te klim, ver bokant, ver bokant enigiets anders. Dis hoe God se mense maak, God se arende, hulle klim ver, en weet hulle is Abraham se Saad, wat enigiets glo, maak nie saak wat die omstandighede is nie, hulle is weg van die aarde, hulle is ver bo in die atmosfere.

> O, lig my op bo die skaduwees,
> Gee my gemeenskap met U; (Dis reg.)
>
> Plant my voete op hoër gronde.
>
> Neem my op, Here, laat my staan,
> Deur geloof, op die Hemel se tafelland.
> ’n Hoër vlak as wat ek gevind het;
> Here, lig my voete op na hoër grond. (Ver op.)

93 Abraham en sy Saad na hom, die verbond was absoluut onvoorwaardelik vir beide Abraham en sy Saad na hom. Nou, dis wonderlik.

94 Nou, het, wat het Abraham gedoen? Abraham het God geglo. Nou, hoe gaan Hy dit doen, en hy ’n. . .? Nou hy’s vyf-en-sewentig jaar oud, en hoe gaan hy hierdie baba kry by sy . . .? Sy vrou is nou vyf-en-sestig jaar oud. En kan julle julle voorstel, ’n ou paartjie soos daardie wat afgaan na die dokter en sê: “Dokter, ek wil hê jy moet ’n kamer gereedmaak by die hospitaal, my vrou gaan ’n baba hê”?

“Hoe oud is jy, meneer?”

“Ek is vyf-en-sewentig.”

“Hoe oud is sy?”

“Vyf-en-sestig.”

“Arme ou kêrel.” Sien?

95 Wel, enige man wat God ooit op Sy Woord neem, hulle sal dieselfde ding van jou sê. “Want almal wat goddelik lewe in Christus Jesus, sal vervolg word,” Jesus het so gesê. Nou, jy word misverstaan omdat hierdie Amerikaans, Duits, Switserland is, maar jy is van die Hemel. Jy is gebore van daarbo af, daarom glo jy wat God gesê het.

96 Nou, let hierdie op: Kan julle julle daardie ou paartjie voorstel, soos ek weer herhaal deur te sê, Abraham het gesê: “Sara,” na die eerste agt-en-twintig dae, jy weet: “hoe voel jy, Skat?”

“Skat, daar’s nie enige verskil nie.”

97 “Glorie aan God, ons gaan dit in elk geval kry.” Dis reg. “Kry die klein skoentjies gereed, kry die voël-oog, en die spelde, en kry alles gereed, ons gaan dit kry.”

“Hoe weet jy? Abraham, wat bedoel jy daarmee?”

"God het so gesê, dis genoeg, dis—dis al wat ek nodig het om te weet. God het so gesê."

Wel, 'n jaar het verbygegaan: "Skat, enige verskil?"

"Glad nie."

"Glorie aan God, dis 'n groter wonderwerk nou, dis 'n jaar later."

98 Naderhand, het vyf-en-twintig jaar verby gegaan; die Bybel het gesê hy het sterker en sterker geword. En ons sê ons is Abraham se Saad, daar word vir ons gebid, en die volgende dag: "Hoe voel jy?"

"Ek het nie, ek reken ek het dit nie gekry nie, ek voel glad nie beter nie." Abraham se Saad! O, goeiste! Sien wat ek bedoel? Abraham se Saad is skaars.

99 Abraham se Saad, nou, laat ons nie iets bely as ons dit nie regtig besit nie, julle sien, Abraham se Saad. Wanneer Abraham se Saad 'n belofte van God beetkry, is Dit daar om te bly, maak nie saak wat gebeur nie, daar's niks wat hulle nooit sal beweeg nie. En soos dit talm, word hulle sterker.

100 En hy het aangehou om God die heeltyd meer te prys. Na vyf-en-twintig jaar, nou is hy 'n honderd jaar oud, en sy's negentig: "Hoe voel jy, Skat?"

"Niks anders nie."

"Maar glorie aan God, ons sal dit in elk geval kry. Hou net die stof van die skoentjies af en dinge, en alles, dit kom."

"Hoe weet jy?"

"God het so gesê, dit handel dit af. God het vir my so gesê, dis al."

101 Nou, dis hoe Abraham se Saad is. As julle erfgename van Abraham is, het julle daardie soort geloof. Is jy Abraham se Saad? Kom ons sê: "Amen." Sekerlik, ons is Abraham se Saad, sekerlik, ons is. God help ons ongeloof. Dis reg.

102 Nou, alles gereed, maak gereed daarvoor. Nou, dit was in die 12de hoofstuk van Génesis. Nou, in die 15de hoofstuk van Génesis het God hierdie verbond met hom bevestig. Nou, dis omtrent baie jare later, so eendag het God met Abraham gepraat, en Hy het gesê: "Abraham, Ek gaan dit bevestig, Ek gaan—Ek gaan vir jou 'n teken gee." God gee altyd tekens.

103 "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, hulle sal handskud met die pastoor, en hulle naam op die boek sit." Dit mag in die almanak wees, maar nie in die Bybel nie. Sien? Dis reg. Ja.

104 "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, hulle sal met nuwe tale spreek, as hulle 'n slang opneem, of iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad

doen nie, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Hierdie tekens sal gelowiges volg.

105 Daardie, hande gelê word op daardie gelowige, daardie gelowige sê: "Amen! Ek is Abraham se Saad. Ek glo dit." Dan, werk beslis, dit gebeur. Nou, hierdie tekens . . .

En Abraham het vir God gesê: "Hoe sal ek dit weet?"

Hy het gesê: "Abraham, gaan haal vir My 'n bokooi, en 'n vers, en 'n ram, maak 'n offerhande."

106 En Abraham het hulle opgesny, hulle doodgemaak, hulle opsy gesit, 'n tortelduif en 'n jong duif geneem, en dit ingegooi, en 'n—en 'n—'n offer vir die Here gemaak. En toe hy het, het hy daar gewag, en die voëls weggehou van die—die kos totdat die son ondergegaan het, en toe die son ondergegaan het, het daar 'n groot, diep slaap oor Abraham gekom.

107 Daardie slaap is daardie Ewige slaap, daarvan gepraat, almal moet sterf. En 'n verskriklike verskrikking van duisternis voor hom, waar, rokende vuuroond, waar . . . Elke mens wat in hierdie wêreld gebore is, kom na die wêreld, gevorm in ongeregtigheid, kom na die wêreld en vertel leuens, 'n leuenaar, 'n goddelose, 'n verdorwene, sodra hy gebore is.

108 So ons het nie, ons gebore word, het ons nie eens 'n kans met, behalwe die Bloed van Jesus Christus nie. En dan, daardie hel, ons verdien dit, elkeen van ons. Maar verby dit het 'n klein, wit Liggie gegaan, wat ingegaan het tussen hierdie verdeelde stukke van die offerande.

109 Nou, as ons tyd gehad het, wil ek julle graag vertel wat elkeen van hulle verteenwoordig het, die bokooi, en die ram, en die vers. En het julle opgelet, hy het nie die twee tortelduiwe geskei nie? Hulle verteenwoordig Goddelike genesing, sien. So, hy het hulle nooit geskei, hulle nooit uitmekaar gesny nie.

110 Maar soos hierdie Liggie tussen daardie twee deurgegaan het, het Hy die verbond aan Abraham bevestig, wat Hy met hom en sy Saad sou doen, en hoe die Saad sou kom, en hoe Hy Sy belofte sou hou; dit was 'n kontrak wat onderteken is. Nou, wat het Hy bedoel?

111 Nou, ons neem hier in Amerika, as ek sou sê daardie—daardie Broer hier, ek en een van hierdie broers sou 'n—'n kontrak of 'n ooreenkoms maak, 'n verbond is 'n ooreenkoms, as ons 'n verbond met mekaar sou maak, sou ons gaan sit en daaroor praat met mekaar, miskien ons kontrak uitskryf, wat dit ook al was, 'n happie saam te eet, en ons sou mekaar se hand skud, sê: "Sit dit *hier*. Ons—ons—ons stem in om dit te doen." Dis 'n verbond in Amerika.

112 Nou, as ons in Japan was, 'n verbond in Japan, hulle maak 'n ooreenkoms, en dan kry hulle bietjie sout en gooi sout op mekaar. Dis 'n gebruik in Japan, om 'n verbond te maak.

113 Maar in die dae van Abraham in die ooste, hoe hulle ’n verbond gemaak het, hulle het gesny ’n, ’n dier doodgemaak, en dit uitmekaar gesny het, en dan het hulle hulle ooreenkoms geskryf op hierdie—hierdie perkament, of, hulle lamsvel, en dan staan hulle daar tussen-in en neem ’n eed oor hierdie dooie dier offerande, as een dit ooit breek, mag hulle liggaam wees soos daardie gebroke dier se liggaam. En dan skeur hulle hierdie uitmekaar, een man neem een stuk, en een die ander. En waar daardie skrif was, dit kan nooit saamgevoeg word nie, tensy hierdie selfde stuk terugkom om dit weer bymekaar te sit. Want wanneer dit skeur, skeur dit heen-en-weer, ensovoorts, soos dit oor daardie lamsvel skeur, waar die skrif is.

114 Dan hou hulle dit, en dan is die enigste manier waarop hierdie verbond gehou word, wanneer, gebring word, is wanneer hulle terugkom, elke stuk van hierdie perkament moet ooreenstem, perfek pas om die ooreenkoms net presies dieselfde te maak.

Nou, jy sê: “Wat het God toe daar gedoen, Broer Branham?”

115 Hier’s wat Hy deur Abraham se Saad gewys het: Abraham het gesê: “Ek is kinderloos,” 15de hoofstuk van Génesis: “en ek het nie ’n erfgenaam nie, en dis hierdie Eliëser van Damaskus.”

116 Hy het gesê: “Dit sal nie hy wees nie. Maar die verbond, die een waarmee ek die verbond maak, kom uit julle eie ingewande. Dit sal deur jou en Sara wees,” met ander woorde: “is die een wat Ek dit sal maak.” En onthou nou, hy’s ’n baie ou man.

117 Nou, wat het Hy gewys? Dat deur Abraham die beloofde een, Isak, gekom het; en deur Isak Jesus gekom het. En deur Jesus, Isak was hy net ’n vader van Israel, maar deur Jesus is hy die vader van elke nasie, die hele Saad van Abraham. En hoe het Hy dit bevestig? Gewys wat Hy sou doen deur die offerande.

118 Nou, Jesus het daardie Offerhande geword. En Hy het na Gólgota toe gegaan, en God het Hom uitmekaar geskeur op Gólgota, Sy Siel en Gees uit Sy liggaam geskeur, en Sy liggaam op die derde dag opgewek, en dit aan Sy Eie regterhand gesit, en het dieselfde Gees teruggestuur wat op Hom was om in Sy Kerk te werk om Abraham se Saad te roep. Kan julle dit nie sien nie, dis die doop van die Heilige Gees? Dis die bevestiging, wat dit bevestig.

119 Nou, die kerk wat bely om ’n Christenkerk te wees, sal daardie selfde Gees moet hê wat in Jesus Christus was, want by die opstanding van die Kerk, sal Christus en Sy Bruid bymekaar kom en inpas, die geskrifte en beloftes van God sal daar vervul word. So dit kan nie bymekaar kom tensy dieselfde Gees wat in Christus was, in my en jou is nie. En dan as daardie selfde Gees daarbinne is, sal Dit dieselfde werke doen, en dieselfde soort van ’n afgesonderde lewe lei, en die werke doen wat Hy gedoen het. Die Bybel het so gesê, al die pad tot by Génesis bevestig dit,

Génesis is die saadhoofstuk. *Genesis* beteken "begin." Hier word dit bevestig.

120 Sou dit ons nie almal gelukkig maak nie? Sou dit nie 'n sondaar maak. . .? Dit behoort treffend te wees. Dit behoort 'n kerklidmaat na Christus toe te laat kom en te bly totdat hy gevul is met die Heilige Gees. Dis die enigste belofte van die Wegraping, die enigste manier waarop die Kerk en Christus bymekaar kan kom, die einste Gees.

121 Toe God Sy eerste mens in die tuin van Eden gemaak het, het julle opgelet, het Hy hom beide manlik en vroulik gemaak? Hy was 'n mens, gemaak in God se gelykenis, 'n Gees, Hy het hom in vlees geplaas, Génesis die volgende hoofstuk, nadat Hy hom alreeds gemaak het, manlik en vroulik. En daar was nog geen mens om die grond te bewerk nie, so toe het Hy die mens geskape uit die stof van die aarde, nie in Sy gelykenis nie.

122 Maar toe het God neergedaal in die vorm van die mens deur Jesus Christus, om die mens te verlos, wat geval het, in die gelykenis van die aarde, en is Hy gemaak in die gelykenis van die aarde. O God! Kan julle nie sien wat die Evangelie beteken nie? Toe God mens geword het, het die mens God geword, ons is seuns en dogters van God.

123 Nou, hierdie eerste man, Adam, kyk na hom, in gees was hy beide vroulik en manlik. En toe het hy vlees geword, en hy het geen hulpmaat gehad nie. Toe God. . .'n Vrou is nie in die oorspronklike skepping van God nie, sy is 'n neweproduk van die man. So, om hulle een te maak, om te wys wat Hy gedoen het, het Hy die sy van Adam oopgemaak, en 'n deel van Adam se vlees geneem, sodat hulle nie geskei sou word nie, hulle een sou wees, en deel van Adam se gees geneem, deel van Adam se vlees, die vroulike gees vanaf Adam geneem en 'n Eva gemaak.

124 En wanneer jy 'n vrou sien, soos sommige van ons moderne vroue, met kapsels soos mans, rook soos mans, vloek soos mans, jy 'n vrou sien wat manlik wil wees, is daar 'n verdraaidheid daar, iewers. En wanneer jy 'n man sien wat verwyfd is met 'n, lyk soos 'n eend wat agter op sy kop sit, ensovoorts soos daardie, en die heeltyd vroueklere wil dra, is daar iets verdraaid daar, iewers. God het mans gemaak om mans te wees, en vroue om vroue te wees. Die Bybel het gesê. . .

125 Eendag het ek gepraat teen vroue wat kortbroek dra, en 'n vrou het vir my gesê: "Ek dra hulle nie."

Ek het gesê: "Wat is daardie wat jy aanhet?"

Sy het gesê. . .Wat is daardie dinge? Pedaaltrappers, of wat dit ook al was, soos daardie. Ek het gesê. . .Nee, skouerbroek.

Ek het gesê: "Dis. . .Dis erger as ooit! Die Bybel het gesê dis 'n gruwel vir 'n vrou om klere aan te trek wat by 'n man hoort." Reg.

126 Bo in Klamath Falls, onlangs, het ’n dame vir my ’n groot, lang brief geskryf, sy het gesê: “Wat van ’n vrou, dan, wat buite op perde ry in ’n muskiet-besmette area, wat daarbuite ry, die beeste aanjaag? Wat dink jy daarvan dat sy ’n rok daarbuite dra? Of wanneer sy in die tuin is, wanneer sy moet afbuk en goed uit die tuin uittrek?”

127 Ek het gesê: “My ma en my vrou dra albei rokke, en hulle het geen probleme daarmee nie. Hulle dra hulle lank genoeg wanneer hulle afbuk, dis net al.” Toe het ek gesê: “Nog ’n ding, op, daarbuite op ’n perd, op ’n perd ry, ’n vrou het geen besigheid daarbuite nie.”

128 Dis wat die ondergang van ons volk vandag is, is dat vroue probeer om mans se werk te vat. Sy probeer ’n man wees, en ’n man wat ’n vrou wil wees, God het hulle verskillend gemaak. Reg. Het geen besigheid om so te wees nie, sy is buite haar kategorie, en ’n man is buite sy kategorie. O, goeiste! Stop, horlosie!

129 Let op, God het hulle verskillend gemaak. En Hy het ’n verbond met Adam gemaak, Hy het ’n verbond met Eva gemaak. Maar julle sien, Hy het hulle een gemaak, hulle is nie meer twee nie, maar een. Nou, so is die Kerk en Christus.

130 God het nooit gesê gaan maak net ’n organisasie naamlik die *So-en-so*, of gaan leer hulle *hierdie* nie, Hy het Sy Eie Seun geneem, en uit Sy hart, het drie elemente uit Sy liggaam gekom. Verskoon my, susters, ek wil ’n punt maak. In ’n natuurlike geboorte, wat is die eerste ding wat gebeur in ’n normale geboorte? Water. Volgende, bloed. Wat is volgende? Lewe. Dis dieselfde ding wat die nuwe geboorte maak. Wat was die ding wat uit Jesus se sy gekom het? Water, Bloed, en “In U hande gee Ek My Gees oor.”

Johannes, of, Een Johannes 5:7 het gesê:

> *. . . daar is drie wat getuig in die hemel, die Vader, die Woord,* (Wat die Seun is.) *en die Heilige Gees: . . . hierdie drie is een.*

131 Jy kan nie die Vader hê sonder om die Seun te hê nie, jy kan nie die Seun hê sonder om die Heilige Gees te hê nie: “Hierdie drie is Een.”

> *En daar is drie wat getuig op aarde, die water, die bloed, en die Gees:* hulle is nie een nie, maar hulle *is eenstemmig.*

132 Jy kan geregverdig word sonder om geheilig te word, jy kan geheilig word sonder om die Heilige Gees te ontvang. Sien wat ek bedoel? Luther het regverdigmaking gepreek, Wesley het heiligmaking gehad, Pinkster, die doop van die Heilige Gees. Net soos die saad wat geplant word: stingel, pluim, aar, alles in die wêreld tipeer dit net presies. Reg.

133 Nou, God het Christus uitmekaar geskeur, Sy Gees afgestuur, die Heilige Gees genoem, "'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek," Ek is 'n persoonlike voornaamwoord: "sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld," nie net tot by 'n sekere tydperk nie, maar tot aan die einde van die wêreld.

134 "Gaan julle in die hele wêreld in." Hoe lank moet hierdie tekens volg? Die hele wêreld, Markus 16: "Gaan julle in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel." Dit het nog nie gebeur nie. Hoe lank sal hierdie tekens volg? Totdat dit verby is. "Gaan in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie, elke skepsel. Hierdie tekens sal daardie skepsels volg wat geglo het." Dit kry?

135 Nou let op, dit was die 15de hoofstuk, nou kom ons gaan na die 17de hoofstuk. Nou, God het aan Abraham verskyn in 'n ander Naam, 17de hoofstuk het Hy aan hom verskyn in die Naam van *El Shaddai* die Hebreeuse woord, God Almagtig, *El Shaddai*. Nou, *shad*, beteken "bors" soos die moeder, vrou; *shaddai* is in die meervoud: "met borste."

136 Nou, wat het Hy met Abraham hier gedoen? Nou, Hy het hom die verbond in Génesis 12 gegee, onvoorwaardelik; Génesis 15, Hy het dit vir hom bevestig, wat Hy sou doen, en hoe Hy dit sou doen; nou in Génesis 17 is Abraham nou nege-en-negentig jaar oud, net by 'n honderd, dit sou Sara nege-en-tagtig maak.

137 Nou, die Bybel het gesê dat sy liggaam so goed soos dood was; Sara se skoot dood was. Maar Hy het aan hom verskyn in die Naam van *El-Shaddai*: "die Een met borste," asof om te sê: "Abraham, Ek is die God met borste," nie *bors* nie, *met borste*, twee van hulle. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom," Nuwe en Ou Testament.

138 Met ander woorde, wanneer 'n babatjie ontsteld en siek is, tel die moeder die kleintjie op en sit dit aan haar bors, en die babatjie suig sy krag uit die moeder.

139 "En amper, Abraham is jy oud, jy's 'n honderd jaar oud, en jy het nie meer krag nie, maar Ek is die Een wat die belofte gemaak het, Ek is jou Bors, leun net reg op My belofte en bly soog."

140 En nog 'n ding, die baba is tevrede solank dit aan die moeder drink, die kleintjie is nie meer ontsteld nie, sodra hy aan sy moeder begin drink, is hy tevrede. En Hy is die Bevrediger, die Sterke, die Voeder, die Kraggewer. Die babatjie lê op sy moeder se bors, tevrede, soog sy krag en gesondheid weer terug. Nou, dis vir Abraham en vir sy Saad.

141 Nou, as jy siek is vandag, en die dokter sê: "Suster, ek haat dit om vir jou te sê, jy het hartprobleme, jou—jou hart is baie sleg":

"Broer, jy—jy het kanker, daar is niks, my mediese wetenskap wys dat ons—ons nie kan nie, dis gevorderd, daar's niks wat ons kan doen nie."

142 En jy's Abraham se Saad, en *Iets* bly vir jou sê: "Ek het meer lewe om te lewe." Wat is dit? Dis God wat probeer sê: "Kom op na My toe, jy's die Saad van Abraham, Ek's jou Kraggewer, Ek's jou Bevrediger."

"Hoe lank sal dit neem?"

143 Wel, wat as daardie baba sy moeder se bors los en nie meer wil drink nie? Dit sal sterf. En wanneer ons God as ons Geneser neem en dan sê: "O, wel, miskien was ek verkeerd," nee, Abraham se kinders doen dit nie, hulle hou net vas aan daardie belofte, en drink daaraan. As dit verlossing is, die Heilige Gees: "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor." As dit genesing vir die liggaam is: "deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Hy's die God met borste.

144 Wat 'n. . .! Hy, wat het Hy gedoen? Hy het Abraham in 'n toestand gekry om die wonderwerk te ontvang wat gereed was om te gebeur.

145 Nou, blaai nog 'n bladsy om na Génesis 18. Nou, ons vind in Génesis 18 was daar 'n groot teken vir hom gegee. Nou onthou, God het vir Abraham gesê in Génesis 12, ook, om homself te skei van al sy mense, al sy familie, en om by Hom te vertoef as 'n vreemdeling in 'n vreemde land.

146 Nou, God wil afskeiers hê; nou, die mense wil mengers hê. O, goeiste! Vandag moet hulle 'n klein Hollywood kêreltjie hê, julle weet, en—en, julle weet, al *hierdie*, en dit moet 'n klomp blomme wees, en net ingekleur. Hulle wil nie die outydse prediker hê wat dit net reguit sê nie, hulle wil dit nie hê nie, "Hy's 'n fanatikus, hy's 'n holy-roller." Dis wat hulle wil hê, hulle wil mengers hê, iemand wat saam met hulle sal gaan swem, en iemand wat bunco saam met hulle speel, en iemand wat na danse toe sal gaan, en nie fanatici nie, sien, hulle wil dit nie hê nie. Maar God wil afskeiers hê.

147 Skei jouself af! Die einste woord *kerk* beteken: "afgesonder, uitgeroep." "Kom onder hulle uit," sê God: "en Ek sal julle ontvang, moenie aan hulle onrein goed raak nie." Afskeiers, o, Christen, skei jouself af van alles van die wêreld, broer, suster, kom weg van die dinge van die wêreld, skei af.

148 Nou, Abraham het. . .Totdat hy dit ten volle gehoorsaam het, het God hom nooit geseën nie, hy het sy vader saam met hom geneem, hy het Lot, sy neef, geneem. En wat het dit gedoen? Die ou man was 'n vlieg in die salf solank as wat hy was; uiteindelik, het hy gesterf.

149 En toe het Lot, hulle het baklei, en baklei, oor weiveld gestry, ensovoorts, totdat Lot homself afgeskei het en afgegaan het na

Sodom. Hy het die pad ondertoe gekies, die maklike weg, 'n paar ekstra dollars, en kyk wat dit hom gekos het? Hy wou gewild wees, hy het die burgemeester van die stad geword. So, hy was daaronder, hy wou 'n groot naam hê. Daar is soveel mense wat *groot* name wil hê, *groot* dinge. Dit kos 'n aap om agter blink goed en sulke dinge aan te spring. Ja, meneer. Het julle ooit 'n aap opgelet? Enigiets wat skyn, hy sal soontoe spring. Sien?

150 Dan, nou let julle op Lot, hy het gedink: "Miskien, as ek soontoe gaan in Sodom sal ek 'n groot man word, sal my naam bekend word." Sekerlik, kyk vandag as wat dit bekend staan. En Mev. Lot, sy het bygehou by al die style, en modes, ensovoorts, kyk na haar vandag, wat daar in 'n veld staan as 'n soutpilaar. Ja. Maar Sara het haar weg gekies saam met haar eie man, die weg met die Here se paar veragtes, om in gemeenskap met God te wandel, die moeilike plekke gehad.

151 Toe eendag, toe Abraham daar gesit het. . . Die land was onvrugbaar, partymaal dink ons dat daardie dinge vloeke is, nee, as jy weet jou hart is reg met God, maak nie saak wat gebeur nie, bly reg daarby. Abraham en Sara, waarskynlik warm weer, en beeste was almal maer, en alles, en toe eendag het Abraham onder die akkerboom gesit omtrent op die middag, in die 16de hoofstuk, of die 18de hoofstuk, liewer, van Génesis. En God het genoeg gehad van daardie Sodom en Gomorra, net soos Hy vandag van hierdie wêreld het, genoeg van hulle dwaasheid, so gaan Hy afkom om dit te vernietig.

152 So Hy sou hulle 'n teken gee dat dit vernietig sou word. So Abraham het daar onder die eikeboom gesit, en hy het gekyk en hy het drie mans sien aankom. En hulle het gekom na waar hy was, hy het hulle tegemoet gehardloop, en hy het gesê: "My—my Heer." Nou, iemand het my probeer vertel dit was Vader, Seun, en Heilige Gees, sien. Dis 'n leuen. Hy het nooit gesê: "My Here nie." Hy het gesê: "My Heer."

153 Lot het later daardie twee predikers genoem wat soontoe gegaan het, nie hoofletter H nie, klein h, "My here, het julle na my toe gekom," daardie afvallige Lot. So, hy het gesê: "My here."

Maar toe Abraham die drie ontmoet het, het hy gesê: "My Heer," hoofletter H-e-e-r, Elohim, Heer. Drie van hulle het daar gestaan, maar hy het gesê: "My Heer."

154 Nou, toe Hulle opgekom het, het hy gesê: "Kom net nader en gaan sit, en—en laat ek 'n bietjie water gaan haal en U voete was, en—en uself verfris, en eet 'n stukkie brood, en dan kan u vertrek, want u het gestop om jou dienskneg te sien."

Goed. Toe hulle gekom, gesê het: "Maak maar so." So hulle het soontoe gestap en gaan sit.

155 En Abraham het in die tent ingehardloop, die hooftent, die groot tent waar hy gewoon het, waarskynlik dienaars wat almal rondom gekamp het, 'n dorpie van hulle. So hy het

teruggehardloop na die groot, hooftent, en hy het gesê: "Sara, knie drie mate meel, sommer gou, en bak hulle op die vuurherd." En hy—hy het uitgehardloop in die trop in, en 'n baie vet kalf gekry en dit vir sy dienskneg gegee om te slag, hy het gesê: "Berei dit voor, sommer gou."

156 En hulle het dit voorberei, en hy het uitgekom, en hy het hierdie drie manne gevoed. Wat was dit? Kalfsvleis, die kalf, het hulle melk gevoer, en brood, en botter, en hulle het almal gesit en eet, almal van hulle. En tog, was Een van hulle Jehova God. Reg. Abraham het met Hom gepraat. Julle sou nie die Skrifte betwyfel nie, sou julle? Hy het gesê Hy was Elohim, dis reg, God; ses of sewe keer daarvan melding gemaak, reg in 'n ry, Elohim, dis Wie Hy was.

157 Iemand het eenkeer vir my gesê, gesê: "Jy glo nie dit was God nie."

Ek het gesê: "Sekerlik, ek glo Dis God, Abraham het gesê Dit was, die Bybel het gesê Dit was, en my geloof is gebou op God se Woord."

Gesê: "Hoe kon God vlees geword het?"

158 Ek het gesê: "Net soos Hy was toe Hy in Jesus Christus was, Hy het vlees geword." Sekerlik, Hy was. Toe Hy in Melgisédek was, het Hy vlees geword, sekerlik, Hy het, "Koning van vrede, Koning van Salem, sonder vader, sonder moeder, geen begin van dae, of einde van jare nie," wel sekerlik, "einde van die lewe," liewer. Sekerlik, Hy was.

159 Nou, hier is Hy onder Sy Kerk vandag, vlees geword in Sy Kerk, sekerlik, Elohim. Nou, o, as julle net kon besef dat julle manne, julle gemaak is om 'n amateurgod te wees! Jy's 'n seun van God, jy's 'n erfgenaam van God, en jy het 'n domein, Génesis 1:26, Hy het hom heerskappy gegee oor alles op die aarde, Hy het hom 'n god oor die aarde gemaak. Dis reg. Hy het hom 'n domein gegee, hy's 'n koning, god. En waar hy sy val gehad het, hy kon met die bome praat: "Word verander, word uitgetrek en *hier* oorkant ingesit." Vir die winde en golwe: "Word stil," en dit sou stop. Hy was god, 'n amateurgod, 'n seun van God, soos jy 'n seun van jou vader is.

160 En die hele wêreld sug, wag vir die manifestasies van die seuns van God, wag vir die Kerk om weer terug te kom op Sy plek, seuns van God om gemanifesteer te word, wag vir daardie uur. Hoop nie dit maak seer nie, maar ek moes dit net sê. Sien? Die Kerk is so ver uit Sy plek uit, Dit moet weer terug wees om seuns van God te wees, heersers, goewerneurs van die aarde, onder die geestelike heerskappy. Dit sal eendag wees, wanneer die Hoof Een kom, Jesus Christus, die groot Millennium; die natuur sug vir daardie dag.

161 Nou, ons vind hier dat hierdie Man, sodra hulle met Abraham gepraat het, wil ek hê julle moet oplet, twee van hulle afgegaan

het in Sodom in om te kyk of hulle soveel as tien regverdige mense kon kry in daardie . . . [Leë kol op band—Red.] . . . volk van mense. [Leë kol op band.] . . . en hulle kon dit nie doen nie, maar Een het agtergebly. Nou, moet dit nie mis nie: Een het agtergebly en met Abraham gepraat.

162 Die Een wat agtergebly het, het vir Abraham ’n teken gegee. En Jesus het na daardie teken verwys en gesê dit sou dieselfde wees in die Heidense dae. Nou, ons het regdeur die week geneem, wat Jesus was, wat Sy Messiaanse teken vir die mense gewys het, maar Hy het dit nooit een keer gedoen voor Hei- . . . [Leë kol op band.] . . . ? . . . net soos hulle vierduisend jaar gehad het. Maar nou, ons is diegene wat uitsien na ’n Messias wat sal kom. Nou, Hy moet dieselfde ding doen.

163 Nou, kyk wat hierdie Een gedoen het, die Een Wat agtergebly het by Abraham, Hy het hom ’n teken gegee, en kyk wat die teken was. Nou, Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom,” nou geestelike verstand, wees baie eerbiedig hier, julle, en julle op die vloer, eerste balkon, en die tweede balkon, onthou, Hy het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.” Hoeveel sê: “Amen,” daarop? Dis wat . . . [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Goed.

164 Nou, laat ons net sien wat gebeur het. Want die dag . . . Nou, onthou, die dae van Sodom was net voor die wêreld vernietig is, of, die—die boosheid vernietig is deur Vuur. Nou, glo julle die wêreld sal deur vuur vernietig word by Sy koms? Die Bybel het so gesê, die hele hemel en aarde sal aan die brand wees. Mense sal dit aan hulleself doen, want God vernietig niks, die mens vernietig homself deur sy kennis, sy skerpsinnigheid, sy geleerdheid, het dit altyd gedoen.

165 Kruit gemaak, atoombomme gemaak, motors, dis wat hom doodgemaak het. Sien? Nou, let op, hy sal die hele wêreld vernietig deur sy eie kennis, daardie boom in die tuin wat hy die Boom van die Lewe verlaat het om te eet van daardie boom van kennis, wetenskap, het dit van toe af geklim.

166 Let nou op, ons vind dat—dat Abraham, toe hy by hierdie punt in sy—in sy lewe gekom het tot waar hy hierdie groot teken moes sien plaasvind . . . Jesus wat daarna verwys, soos dit was in daardie dag, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.

167 Nou, kyk, daar’s altyd drie klasse mense, wat gelowiges is, skyngelowiges, en ongelowiges, altyd; sonde, en *belydende* Christene, en ware Christene. En hulle is altyd geskei van mekaar.

168 Nou kyk, Sodom was sondaars, hulle was verdraaid, net soos die wêreld vandag is. Groot dele van hierdie volk is heeltemal verlore. En soos ek gesê het, ons word net saam geweef met kommunisme, en alles, elke *isme*.

169 As, baie van julle, as julle 'n regverdige President in elke distrik in die hele Verenigde State sou plaas, is dit steeds verlore, sy sal nooit weer opstaan nie, SO SPREEK DIE HERE. 1956 het sy haar noodlottige skuif gemaak, nou, en sy het goed op haar pad gekom omtrent drie maande gelede. Nou, sy's verlore, skryf dit in julle Bybel en kyk of dit reg is.

170 1933, een oggend, op pad na die Baptiste tabernakel, het ek in 'n beswyming gegaan, 'n visioen gesien, ek het gesien President Roosevelt gaan help om die wêreld na 'n wêreldoorlog te lei, dit daardie oggend vertel; hulle sou my toesluit daarvoor.

171 En ek het gesê: "Hulle sal oorlog maak teen Duitsland." Elf jaar voor die Maginot Linie gebou is, het ek gesê: daar in daardie selfde visioen: "Ek het gesien dat Duitsland verskans was in beton." En Amerika het 'n verskriklike pak slae gekry daar, en baie van julle kêrels weet wat gebeur het, was daar.

172 Let op, ek het gesê: "Mussolini wat opstaan as 'n diktator, hy sal sy eerste inval in Ethiopië maak, maar, hy sal Ethiopië inneem, maar hy sal tot 'n skandelike einde kom, hy en daardie vrou albei." En hulle het hulle opgehang aan hulle voete, en haar klere wat oor haar kop gehang het in die straat, en op hulle gespoeg.

Ek het gesê: "Die wetenskap sal verbeter."

173 Ek het gesê: "Nog iets, die nasie het vroue toegelaat om te stem, een van die verskriklikste skandes wat hulle gedoen het." En ek het gesê: "Deur te stem, sal hulle die verkeerde man kies." Nou, ek's nóg Demokraat nóg Republikein, ek's 'n Christen, albei kante is verrot. Maar hulle het hulle fatale fout gemaak nou die dag, vroue het die werk gedoen.

174 En hoe julle gekleurde mense julle geboortereg kon verkoop aan so-iets soos daardie, wanneer die bloed van Abraham Lincoln se vlek daar oorkant op daardie kleed is! God wees genadig! Help my, Here. O, goeiste! Miskien moes ek dit nie gesê het nie, maar ek het dit klaar gesê. Onthou!

175 O, hoe kan dit wees? My dae as evangelis is binnekort verby, ek kan nie profeties en evangelis wees, ook nie, ek sal die veld verlaat; dis in die Gees, nou. Binnekort sal Hy my roep, ek sal die veld van evangelisasie verlaat, dan sal Hy my as Sy siener gebruik.

176 Wat makeer my in elk geval? Waar was ek? Ja, Génesis 18. (Het jy daardie gekry Gene?) Génesis 18, glo ek het ek oor gepraat, toe, nee, ek was by wat Hy vir my gesê het wat sou gebeur.

177 Toe het Hy gesê: "Die Wetenskap sal groter word, totdat dit 'n punt bereik dat hulle 'n outomobiel sal vervolmaak wat soos 'n eier lyk, voor die eindtyd." Toe het ek dit gesien, en ek het gesê: "Hulle sal dit beheer met een of ander bestuurstoestel wat

hulle nie self hoef aan te raak nie. Ek het ’n Amerikaanse familie gesien, wat in ’n yslike groot, breë pad afgaan besig om kaart te speel met ’n glasdak motor, wat gelyk het soos ’n eier.” Hulle het dit net nou, julle het hier op televisie gesien nie lank gelede nie, hulle het dit.

178 En ek het gesê: “Toe het ek ’n groot, magtige vrou sien opstaan in die Verenigde State.” Want hierdie is ’n vrou se nasie, vrou se foto op die geld, meer, alles is *vrou* hier. Sien? Dis reg, sy’s ’n godin. Nie julle Christenvroue nie, ek praat van, laat ’n poppie hier in die straat afkom met al hierdie kortbroeke, en dinge, sy kan meer skade doen aan die Kerk van die lewende God onder die mense as al die smokkelhuise wat daar deur die volk is. Dis reg.

179 Hierdie is ’n, Amerika is ’n vroue volk, het haar foto’s, haar getal is dertien, dertien kolonies, dertien strepe, dertien sterre, dertien so, alles is dertien, dertien, dertien, en ’n vrou. Sien?

“En ek het ’n groot vrou sien opstaan, pragtig om na te kyk, maar ’n wrede, bose hart.” En dit sal ’n kerk wees, en sy is nou op haar pad.

180 Toe het ek die eindtyd gesien toe die Verenigde State gelyk het soos ’n groot klomp opgeblaasde klippe en dinge soos daardie, net uitgeblaas, wat smeul, oral. Vyf van hulle het gebeur, twee van hulle is op hulle pad. Dit was een-en-twintig jaar gelede, sien, toe dit voorspel is. As vyf van hulle perfek getref het, moet die ander twee; ek sien hulle nou op die pad kom.

181 O, bekeer en vlug van die toorn wat sal kom, Kerk van die lewende God! Kom terug na die ware Evangelie, vriend. Julle Metodiste, julle Baptiste, julle Pinksters, die res van julle draai na God met julle hele hart, want julle ure is kort.

182 Génesis 18, net voor die Vuur geval het, het daardie Engel gesê, of, daardie Man in menslike vlees, ’n menslike Man wat eet en drink soos ’n gewone man, maar tog God was, Hy was Jehova God. Kyk na die Bybel en kyk of dit nie is nie, Jehova God in menslike vlees. Wat het dit volgens Jesus se Eie Woorde voorgestel? God sou verteenwoordig word in menslike vlees aan die eindtyd voor die vuur geval het, die Heilige Gees wat terugkom in die Kerk, het inbeweeg vir veertig jaar of meer, wat die Kerk beheer.

183 Wat is die laaste ding wat plaasgevind het? Nou, onthou, net ’n paar dae tevore, is Abram se naam verander na Abraham, en Sarai na Sara. En hou Hom dop wat Hy genoem het: “Abraham, waar is jou vrou, Sara?” ’n Vreemdeling, stof aan Sy klere, wat vleis eet, melk drink.

Hy het gesê: “Wel, sy’s in die tent agter U.”

184 Hou die teken dop, Hy het gesê: “Abraham, *Ek*. . .” O, goeiste! Sien julle Wie Dit was? “*Ek* het vir jou die belofte

gemaak, Ek gaan jou besoek volgens My belofte. Ek het die belofte gemaak, Ek was die Een wat dit gedoen het.” Dit was God wat die belofte gemaak het. “Ek gaan jou besoek.” Met ander woorde: “Nog net agt-en-twintig dae, en dinge gaan anders wees met Sara, en Ek het die belofte aan jou gemaak, so Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe, jy gaan hierdie baba kry.”

185 En Sara, in die tent agter Hom, sy het gesê—gesê: “Ek, ’n ou vrou. . . ” Vergewe my, susters, ek. . . maak hierdie punt. Soos man en vrou: “Ek, ’n ou vrou, sou nog genot hê met. . . en my—my man, daarbuite, ’n ou man, ook, ’n honderd jaar oud, en hier is ek negentig,” klein oor-oor-oumagrootjie, tjalietjie en kierie, “ek soos ’n jong vrou wees, en my man soos ’n jong man om—om kinders te hê? Wel,” gesê: “dit kan nie wees nie.”

186 En daardie Engel, nie ’n Engel nie, God in menslike vlees met Sy rug gedraai na die tent, die Bybel sê duidelik Hy het Sy rug na die tent agter Hom gehad, gesê: “Waarom het Sara by haarself gelag, en gesê: ‘Hierdie dinge kan tog sekerlik nie gebeur nie’?”

187 Hoe het Hy geweet sy was in die tent? Of hoe het Hy geweet of haar naam Sara was? Hoe het Hy geweet dat sy gelag het? En hoe het Hy die gedagtes geweet wat in haar gemoed was toe sy in haar gedagte gedink het? Dit was daardie selfde Gees wat op Jesus was wat hulle gedagtes onderskei het. Sien?

188 En Hy het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.” Is dit reg? Die laaste teken wat hulle ooit gekry het voor die Vuur geval het, dit het net daarna geval, dit was die laaste teken wat hulle gekry het. En kyk, hoe het Hy dit gesê, en waarom het Hy spesifiek Sodom genoem? Hier is dit, maak nou oop en ontvang dit: Dit was Abraham en hierdie is Abraham se Saad, Hy moet die Saad dieselfde ding gee wat Hy vir Abraham gegee het, want die belofte was vir beide Abraham en Saad na hom.

189 O God! Sien julle wat ek bedoel? Sien julle wat die Bybel sê? Dis waarom hierdie yslike groot, hoë Ortodokse. . . hulle dit nooit kry nie.

190 Nou, kyk, jy sê: “Sal hulle ’n. . . ?” Sekerlik. Daar was Lot, die Ortodokse, en ’n moderne Billy Graham, en iemand anders het soontoe gegaan om vir hulle te preek, het nooit enige wonderwerke gedoen nie, hulle net verblind, dat, die verkondiging van die Evangelie verblind die ongelowige. Dis reg. Hulle was ongelowiges wat verblind was; wel, dit was ’n skaduwee.

191 Nou, hulle sê dat Billy Graham, die groot evangelis vandag, wat gaan na die, Baptiste evangelis, hulle sê, o, daardie sondaars en ongelowiges sê: “O, niks behalwe ’n klomp onsin nie.” Dis nie! Billy Graham is ’n man van God, sekerlik, en Oral Roberts, en daardie kêrels, groot dienaars van God, verordineer deur God.

Moenie Billy Graham veroordeel omdat hy nie Pinkster is nie, hy kan nie Pinkster wees nie.

192 Kyk, wanneer God, hier's iets, ek hoop dit sal julle nie laat verstik nie, maar kyk, toe God, voor Hy Abraham die vader van nasies gemaak het, het Hy sy naam verander van Abram na Abraham. Is dit reg? Sit h-a-m aan die punt daarvan, h-a-m. Want wat? Hy gaan deur hom die vader van nasies bring. Hy het 'n deel van Sy Eie Naam geneem, *Elohim*, en hom *Abraham* gemaak.

193 Nou, as julle wil weet of Billy Graham. . .kyk na die einde van sy naam, G-r-a-h-a-m. Verstaan julle? Goed. Nou, julle sien, alles moet perfek wees, en dit is volmaak, diegene wat dit nie sien nie, is verblind. *Abraham*, dit was die naam wat gegee is, daardie naam het nooit opgestaan tot net aan die eindtyd nie; so het dit. Kyk hoe daardie naam eindig, h-a-m, *Abraham*, *Elohim*, sien, *Graham*, let nou op, net aan die eindtyd. O, ons kan dit 'n bietjie verder as dit afbreek, maar dis ver genoeg vir julle om te weet.

194 Let nou op, soos ons kyk na die eindtyd wat inkom, nou, Hy het belowe dat dit wat sou wees? Net voor die vuur geval het. Nou, o, vir julle mense, hier's 'n groot belofte. Kyk, toe Hy hom daardie teken gegee het, wat het Hy gedoen? Hy het nou voorberei. Onmiddellik daarna, wat het Hy gedoen? Hy het Abraham en Sara voorberei om die seun wat sou kom, te ontvang wat belowe is. Wat het Hy gedoen? Hy het Sara en Abraham verander van 'n ou man en ou vrou, terug na 'n jong man en jong vrou.

195 Jy sê: "Broer Branham, dis nie so nie." Goed, ons sal net sien of dit so is of nie. Jy kan nie die Bybel lees soos 'n koerant nie, Dis 'n liefdesbrief.

196 My vroutjie daaragter, wanneer ons, ek oorsee vertrek, nou wat as ek na haar toe gegaan het. . .? Dis waar jy moet wegkom van soveel hiervan: "Ek kan nie *hierdie* doen nie, want ek bely *hierdie*. Ek kan nie *hierdie* doen nie." As jy dit wil doen, kan jy dit net sowel maar doen, sekerlik. Laat jou, dit uit jou hart uitkry, dis liefde, genade wat dit doen.

197 Wat as ek—ek vertrek het oorsee, en Mev. Branham *daar* het gesê, na my toe geloop, en gesê het: "Luister hier!"

198 Ek sê: "Luister, Mev. Branham, jy sal nie enige ander mans hê nie, ek's jou man. Jy sal nie. . .As ek hoor jy was by enige ander mans, sal ek van jou skei wanneer ek terugkom."

199 Sy sou sê: "Wag 'n oomblik, my liewe man! Jy sal geen ander, meer vroue, ook hê nie, want as—as—as jy nog enige vroue het, sal ek van jou skei wanneer jy terugkom." Nou, sou dit nie 'n huis wees nie?

200 Dis hoe die kerk probeer wees teenoor God: "Ek is Presbiteriaan." "Ek is Pinkster." O! Sien? Niks, "niks," is reg nie.

201 Kyk, wat doen ons? Ek het haar lief, sy het my lief. Ons kniel net en bid, en ek vra God om haar te help, en sy vra God om my te help, ek soen haar totsiens, en gaan oorsee, dit handel dit af. Sy hoef nie bekommerd te wees oor my nie, ek het haar te lief; ek bekommer my nie oor haar nie, sy het my te lief. Solank ons mekaar so liefhet, sal ons reg wees.

202 En jy moet God liefhê. Sy sal vir my 'n brief skryf, en sy sal sê: "Liewe Billy, ek het pas die kinders in die bed gesit. En Sarah het, vandag, *so-en-so* gemaak. En Rebekah, en alles soos *hierdie*, en net. . . " Sien? Sy sê dit in 'n brief, maar ek is so lief vir haar dat ek tussen die lyne kan lees, Ek weet waarvan sy praat. Sien? Ek het haar lief.

203 Dis hoe jy met God moet wees, jy moet God liefhê, dan kan jy tussen die lyne lees en sien wat Hy bedoel. Hy het dit weggesteek vir die oë van die slim kweekskoolstudente, en dit geopenbaar aan kindertjies wat wil leer, dis wat Hy gesê het; Jesus het God gedank dat Hy dit gedoen het. Nou, dit verg nie geleerdheid nie, dit verg 'n lewe van oorgawe.

Nou, ons moet opskud, ek's ver verby, maar ek moet net hierdie punt maak as die Here wil.

204 Let nou op, liefde, kyk, nou laat ons dit net neem. Jy sê: "Nou, Broer Branham, net 'n oomblik, Hy het dit nie gedoen nie."

205 Goed. Onmiddellik nadat hierdie teken aan Abraham gegee is, self, en aan sy Saad gegee sal word, en ons dit alles sien gebeur, nou wat is die volgende ding vir die Kerk dan? As Hy, dit die laaste teken was wat Hy vir Abraham gegee het voor die Vuur geval en die boosheid vernietig het, wat sal dit dan vir Sy Saad wees? Dieselfde ding. Hy het dieselfde ding gedoen. Wat het Hy gedoen? Hom geroep, hom die verbond gegee.

206 Wie roep jou? Party mense het gesê: "Ek het net na God gesoek en God gesoek." Jy het nooit, niemand anders het ooit nie; dis God wat die mens soek, nie die mens wat God soek nie. Geen mens soek God nie, God soek die mens. Dit bewys in die tuin van Eden, in plaas van om te bely, het hy weggekruip, God het hom gesoek.

207 En nog 'n ding, het julle opgelet? God het nooit 'n Engel daarnatoe gestuur om na Sy verlore kind te soek nie, Hy het Self gekom. Dis waarom Jesus, God, vlees geword het onder ons. God het Self gekom om Sy kind te verlos. Dit was 'n volwasse man se taak, niemand kon dit doen behalwe Hy nie, so Hy het gekom om Sy Eie kind te verlos. En dis waarom Jehova vlees geword het in Sy Eie Seun om te sterf vir sonde wat op Hom geplaas is om die sondaar te verlos.

208 Nou, aandagtig, laat ons hom 'n oomblik volg. Hier is Abraham. . . Julle mag hiervan verskil, dis in die haak, maar ek wil julle net my eie gedagtes vertel. Sien? Net die volgende ding wat moes plaasvind, om hierdie seun te ontvang wat belowe is, moes Hy iets aan Abraham doen. Nou, ons weet dat Hy Sara vrugbaar moes maak. Is dit reg?

209 Wel, in—in daardie dae het vroue nie sigarette gerook nie, so hulle—hulle moes hulle baba op die bors grootmaak, hulle kon hulle nie op koeimelk grootmaak nie, hulle het nie die gesondheid en higiëne bottels gehad in daardie dae nie, so hulle, die moeder moes haar baba grootmaak. Wel nou, om dit te doen, is die melkare in die vrou se bors opgedroog op 'n honderd jaar oud.

210 En dan nog 'n ding, verskoon my, gemengde gehoor, julle luister na 'n dokter, ek's julle broer, luister, nog 'n ding, hoe kan 'n vrou van honderd jaar oud in kraam gaan? Dit sou haar doodmaak. Hy sou haar moes oordoen. Wel, God nie. . . En kyk na Abraham, so goed soos dood, 'n man van honderd jaar oud wat vrugbaar is? Nee, Hy het hulle terug verander na 'n jong man en vrou.

211 Jy sê: "Kan jy dit bewys?" Ja, meneer. Hulle het 'n reis van daar af onderneem en reguit afgegaan na die Filistynse land na Gerar, driehonderd myl. Dis nogal 'n reis vir ouma en oupagrootjie met sy skouers krom gebuig, en wangbaarde wat afhang soos *hierdie*, 'n honderd jaar oud.

"O," sê jy: "hulle het net langer gelewe."

212 Wag 'n oomblik hier, ek kyk reg na die Skrif: "En hulle was albei bejaard." Dis reg.

213 En toe hulle daaronder gekom het, weet julle wat? Abiméleg, die koning van Gerar, hy het gesoek na 'n liefling. En al daardie pragtige Filistynse vroue daarrond, maar toe hy oor-oor-oumagrootjie gesien het met haar tjalie en hoedjie, het hy verlief geraak op haar: "Dis die een waarvoor ek gewag het." Sien hoe belaglik dit lyk? Dit is belaglik. Sy. . .

En Abraham het gesê: "Ek vra jou om te sê jy's my suster, want jy's mooi om na te kyk."

214 Wat het Hy gedoen? Hy het hulle terug verander na 'n jong man en vrou. Wat gaan Hy doen met die. . .? Waarom moes Hy dit doen? Sodat hulle die beloofde seun kon ontvang. En dis die volgende ding wat wag vir die Kerk. "Ons wat in die lewe oorbly tot die koms van die Here, sal die ontslapenes nie verhinder nie," want ons sal verander word in 'n oomblik om die beloofde Seun te ontvang.

215 Waarnatoe gaan Hy kom, hier onder na die aarde? Nee, bo in die lug. Ons ontmoet Hom nie hier op aarde nie, en ons kan Hom nie ontmoet in hierdie soort liggame nie, ons moet verander word, en Hom in die lug ontmoet. O, ek voel baie godsdienstig!

Sien? Die liggaam sal verander word in ’n oomblik, in ’n oogwink, en ons sal saam weggeraap word om die Here te ontmoet, die volgende ding vir die Saad van Abraham. Hulle kry hulle laaste teken, ’n onderskeiding net soos dit was, Jesus se dag, dis die laaste teken vir die Kerk.

216 Onthou, skryf dit neer, ek mag weg wees, kyk of dit reg is of nie, laaste Bybelse teken. Nou, ons vind uit dat dit was net voor dit sou plaasvind. En wat dan? Ons vind uit, onmiddellik daarna, het nie tyd om veel verder te gaan nie, is klein Isak gebore.

217 Nou, ek sluit af. Wat van, toe hy omtrent twaalf jaar oud was, het God vir Abraham gesê, omtrent soos hierdie: “Daar sal ’n diens wees een of ander tyd oorkant in Richmond, Virginia, in die Verenigde State, Ek wil daardie mense laat weet dat Ek absoluut seker is wat Ek doen. Ek wil hê jy moet daardie seun neem, jou enigste seun wat jy het, hom daar op die berg opneem en hom doodmaak.”

218 Abraham het gesê: “Ja, Here.” Want Hy het Hom ontvang soos een uit die dood, hy was ten volle oortuig dat Hy in staat was om hom op te wek, hom op te wek, liewer, uit die dood.

219 So wat het Hy gedoen om dit te bevestig aan Sy Kerk deur alle eeue dat Hy Sy belofte hou? En Abraham se Saad, ongeag van die toestand waarin hulle is, glo hulle steeds dat God Sy belofte hou. Wat het Hy toe gedoen?

220 Het klein Isak geneem, hulle het drie dae ver gereis. Nou, omtrent enige man, ’n jong man soos Abraham toe was, terug verander na ’n man omtrent vyf-en-twintig, dertig jaar oud, hy en Sara, hy kon loop. . .Ek kan dertig myl loop, ek het altyd gepatrolleer en wildbewaarder, ek sou enige dag dertig myl loop, en ons het petrolvoete in hierdie dag, teenoor wat hulle gehad het. Al vervoer wat hulle gehad het, was óf op ’n muiltjie ry óf stap.

221 En hulle het drie-dagreise ver gegaan, en toe sy oë opgeslaan, en die berg gesien, waar die visioen hom gewys het, in die verte, en hy het by die berg gekom. Toe hy daar gekom het, het hy vir die diensknegte gesê: “Bly julle hier,” luister hierna, Génesis 22: “wag julle hier terwyl ek en die seun soontoe gaan om te aanbid, en ons sal terugkom.” O, dit doen net iets aan my!

“Abraham, weet jy wat jy gesê het? Jy gaan soontoe om hom dood te maak. Hoe gaan jy terugkom, jy en hy?”

“Ek en die seun sal terugkeer.”

222 Nou kyk, Hy het die hout op Isak se skouer gesit, ’n tipe van die ware Saad, Jesus, om ons Abraham se Saad te maak, die hout geneem vir die offerhande om op te lê, op Sy Eie skouers, toe Hy opgeklim het na Gólgota.

223 Bo-op die berg gekom, en daar het hulle die hout uitgepak, en die vuur aangesteek, en alles, klein Isak het agterdogtig geraak, hy het gesê: “Vader?”

Gesê: “Hier is ek, my seun.”

Hy het gesê: “Hier is die hout, en hier’s die vuur, en hier’s die altaar, maar waar is die lam vir die offerhande?”

224 Wat dink julle het daardie ou pappa gedink? Hy het gesê: “My seun, God sal ’n lam voorsien.” Amen. Dis waarom hy Hom *Jehova-Jireh* genoem het. “Die Here sal vir Homself ’n lam vir die offer voorsien.”

225 En klein Isak, hy het gesê: “Draai om, Isak,” toe het Isak geweet. En kyk, homself onderwerp aan die dood, net soos Jesus het, die ware Saad. Hom omgedraai, en sy hande vasgebind, sy voete, hom op die altaar neergelê, sy klein, swart haartjies weggevee, en sy klein, bruin ogies wat blink.

226 Wat gaan moeder sê? Hy kan nie daaraan dink nie, jy moet doen wat God gesê het.

227 Moeder sê: “Jy moenie na daardie holy-rollers toe gaan nie.” Jy moet dit nie glo nie, doen wat God sê.

228 Dokter sê: “Jy kan nie gesond word nie.” Jy moet dit nie glo nie, glo wat God sê. Sien?

229 Sy hare weggevee, die mes geneem, dit uit sy skede getrek, dit opgelig, en net sy eie seuntjie begin doodsteek. En toe hy sy hand opgesteek het in volle gehoorsaamheid, het die Heilige Gees sy hand gegryp, gesê: “Abraham, stop jou hand, Ek weet dat jy My liefhet, want jy sal nie eers jou eie seun spaar nie.”

230 En omtrent daardie tyd, agter hom, waar hy die klip opgetel het, het ’n ram geblêr, wat vasgehaak was aan sy horings in die woestyn, in die rankplante. Ek wil vir julle iets vra: Waar het daardie ram vandaan gekom? Nou, hy’s ten minste vyf-en-sewentig myl van die beskawing af, en allerhande soorte diere. En ’n skaap is ’n vleis vir enigiets, leeus, jakkalse, en al die res in die woestyn. En waar was dit . . . ? Waar het daardie ram vandaan gekom? En nog ’n ding, hy’s ver bo-op die berg waar daar geen water is nie.

231 Wat was dit? God het dit geskep deur te spreek, Hy het dit nodig gehad. Sien, dit was nou nie ’n visioen nie, hy het die ram opgetel, en dit gebring, en sy keel afgesny, ’n visioen bloei nie, die bloed het uitgeloop. Dit het Isak se plek ingeneem, dit was ’n tipe van Jesus. Sien wat ek bedoel?

232 En Abraham het gesê: “Hierdie plek sal *Jehova-jireh* genoem word: ‘Die Here sal vir Homself ’n offerhande voorsien.’” En Dit het gesê: “Selfs tot op die berg van die Here, tot vandag.” Jehova-Jireh het alreeds vir Homself ’n offer voorsien.

233 En broer, suster, jy sê: "Broer Branham, ek was by die dokter, hy het vir my gesê ek kan nie lewe nie." Wel, sonder twyfel, dat daardie kosbare man jou wel alles vertel het wat hy weet die waarheid is, sekerlik, maar hy weet net as 'n man. Hulle het vir my gesê twee-en-dertig jaar gelede, ek het minder as drie minute gehad om te lewe, my hart het net sewentien keer per minuut geklop. Goed. Maar Jehova-Jireh, Hy het 'n Offer voorsien en ek het dit aanvaar.

234 Daardie selfde Jehova-Jireh het 'n Offer vir jou voorsien, vandag. Sal jy Dit aanvaar? "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." O, Saad van Abraham, sal julle nie Jehova se Offer ontvang wat uitmekaar geskeur is op Gólgota nie? 'n Deel Daarvan lê daarbo by die Troon van God, aan die regterhand, 'n Hoëpriester wat voorspraak maak volgens jou belydenis. Die Heilige Gees is hier om Sy Werk voort te sit onder Sy Kerk. Glo Dit en ontvang Dit, sal julle?

235 Laat ons ons hoofde buig. Terwyl ons in gebed is, net vir die volgende oomblik of twee, sou daar enige in hierdie gebou in die eerste balkon wees, die tweede balkon, of op die hoofvloer, julle hande sou opsteek na God, nie na my . . .? Elke oog toe asseblief, almal net so stil as wat kan wees. Daar moet 'n besluit geneem word, daar's *Iets* wat langs jou staan, Hy sê vir jou óf: "Kind, is jy nie bly dat jy My voorsiende Offerhande ontvang het nie?" Of Dit sê vir jou óf: "Jy het My nodig as jou Verlosser, Ek het vir jou 'n Offer voorsien, sal jy Dit ontvang?"

236 As jy nog nie het nie, sal jy jou hand opsteek, en net vir God wys: "Ek wil Hom ontvang"? God seën jou, jou, jou, jou, jou. Ja. Tweede balkon; God seën jou, jou, jou. God seën jou. Sekerlik. Goed, dis goed.

237 "O, Jehova-Jireh, voorsien nou vir my. U het alreeds voorsien, en ek aanvaar Dit vrylik, Jesus was U Offer wat vir my voorsien is, 'n Lam vir my oë, 'n Lam vir my liggaam, 'n Lam vir my siel."

238 En, o, aan julle wat siek en beproef is, in jou hart sê: "Jehova, gee my geloof, net nou, om die Offer te ontvang wat vir my voorsien is, want my Offer is ter wille van my oortredinge deurboor, wat ek ontvang het, en deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom. Ek kom nou om Dit te ontvang, net nou."

239 Hemelse Vader, tyd kom nader, sal nie lank wees voordat die predikers hier, my kosbare broers, op hulle preekstoele sal wees, hulle groot boodskappe sal gee, vanaand nie. Ek bid siekes en die beproefdes sal genees word, en sondaars sal gered word, en mense gevul sal word met die Heilige Gees. Mag die resultate van U Teenwoordigheid regdeur bly, totdat Jesus kom.

240 Nou, op hierdie klein, eenvoudige maniertjie, Here, ek—ek het so 'n swak manier om enigiets uit te druk, en as ek enige plek aanstoot gegee het, vergewe U my, Here, U ken die, U ken my

doel en die motief. En ek bid dat U dit sal help. En hierdie paar Sade, mag Hulle afval in die hart van die mense. Mag dit ’n groot herlewing hier voortbring, Here.

Seën hierdie mense wat hulle hande opgesteek het. Soos daardie pragtige lied:

> U is die Pottebakker;
> Ek is die klei.
> Nou, vorm my en maak my, Here,
> Net soos U wil,
> Terwyl ek wag,
> Nederig en stil.

241 Skenk dit, Vader, hulle wat hulle hande opgesteek het, onthou wil word in gebed, hulle wil daardie Offer hê, geloof om uit te reik en Dit te ontvang. Mag hulle dit net nou doen, Vader. Mag hulle gered word. Ek mag hulle dalk nooit op hierdie aarde sien nie, dink daaraan, Vader. Ons skei nou binne ’n paar minute, miskien om nooit weer te ontmoet tot daardie dag daar by die poort nie.

242 O God, ek wil graag daar langs die pilaar staan en sê: “Sien, is dit nou nie wonderlik nie?” Net soos die visioen wat U gewys het, wat in hierdie boek is, omtrent. Skenk dit, Here.

243 Ek gee hulle vir U as trofeë van die Evangelie wat verkondig is, en die Heilige Gees hier, wat hulle na Jesus toe trek. U het gesê: “Almal wat die Vader My gegee het, sal kom; en hy wat kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie.” So dis reg, Vader. Hulle wat siek is, ek bid dat U genees. Skenk dit, in Jesus’ Naam.

244 Nou, julle wat glo en wil hê Jesus moet julle ’n ware kind van Hom maak, steek net julle hande op, met julle hoofde gebuig, steek julle hand op.

> Maak soos U wil, Heer!
> Maak soos U wil!
> U is die Pottebakker;
> Ek is die klei.
> Vorm my en maak my
> Net soos U wil,
> Terwyl ek wag,
> Nederig en stil.

245 God seën julle. Mag God se ryk, groot, onsterflike seëninge op elkeen van julle rus, soos ons nederig, sagmoedig wag.

246 Nou, daar’s ’n paar gebedskaartjies hier in die gebou uitgegee, ons wil vir hulle bid. Voor ons gebedskaartjies roep, terwyl ons hier in die diens sit onder die salwing van die Heilige Gees, Sy lieflike Teenwoordigheid wat ons omring, hoeveel daarbuite is siek, hier, bo in die balkon, waar jy ook al is, sê: “Ek’s siek, Broer Branham, God weet ek’s siek, en ek—ek—ek wil hê, ek—ek wil hê Sy groot Heilige Gees moet my kom genees”? Steek

net jou hand op, sê: "Ek—ek—ek—ek wil hê die groot Heilige Gees moet my kom genees." God seën julle.

247 Die Engel waarvan ek gepraat het hierdie hele week. . . Is daar enige nuwelinge hier? Steek julle hand op? Regtig net 'n paar. Goed, hierdie hele week het julle gesien die. . . Sal julle nou in Hom glo as Hy dieselfde ding sou doen?

248 Daar's nie 'n persoon hierbinne wat ek ken nie, my vrou sit ver agter aan die agterkant, en my vriend wat *hier* sit, Broer Goad, dis die enigste persone wat ek ken, wat ek sien, behalwe hierdie twee manne wat net *hier* sit. Ek glo hulle was gister op privaat onderhoude, hierdie twee manne. Buite. . . Hoeveel weet dat ek 'n vreemdeling vir julle is? Dankie. Hê geloof, moenie twyfel nie.

249 Nou, as die Heilige Gees dit sal bevestig om hiernatoe te kom, en laat. . . Julle sal uitreik. . . Die Bybel het gesê dat Hy die Hoëpriester is, net nou, en daardie Offer is uitmekaar geskeur, glo jy Dit was Jesus Christus vir jou? Glo jy Hy sit nou aan die regterhand van God, om voorspraak te maak volgens jou belydenis? Glo jy Hy's die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van jou swakhede?

250 Bid jy dan, en vra Hom, en raak Hom aan, en sê vir Hom: sê: "Here, Broer Branham het pas vir ons gesê dat U hier in ons is. En ek is ook deel van U, Broer Branham is deel van U. Broer Branham is U dienskneg, en nou as U net deur hom sal praat soos U het met U Seun, Jesus. . . Hy's U aangenome seun, ek's U aangenome dogter, U aangenome seun, maar U het hom na ons toe gestuur om—om 'n teken vir ons te wees in die eindtyd, hy het dit gespreek."

251 Bo in die balkonne, waar jy ook al is, ek nie. . . waar jy ook al is, maak nie saak nie, glo net. As Hy dit sal doen, sal julle baie geloof hê en glo? Steek julle hande op, sodat ek net kan sien hoe julle dit gaan glo. Goed. God seën julle.

252 Nou, hier's die tyd, broers. Nou, as enigiemand ooit vrae vra, sê vir hulle om te kom. Nou, hier's die tyd wanneer jy jou nie hoef te bekommer nie, wanneer God enigiets sê, hou Hy Sy Woord. Dis reg.

253 Nou, hê jy geloof, moenie twyfel nie, maar glo met jou hele hart. Sê net: "Here, laat ek U aanraak," enige plek hierbinne. Dan as Hy dit doen, hoe sou Hy optree? Net soos Hy het toe die vrou Sy kleed aangeraak, omgedraai, gesê het: "Jy het 'n bloedvloeiing gehad, maar jou geloof het jou gered." Sien? Dieselfde ding.

254 Nou, sal julle glo? Is dit nie 'n groot ding nie? Wat 'n uitdaging! O, goeiste! Sê: "Sal dit gebeur?" Sekerlik, Hy faal nie.

255 Waar is die gode van Baäl? Waar is jou kritikus, wat sê die Heilige Gees is nie reg nie? Kom vorentoe, doen dieselfde ding.

256 Jy sê: "Wel, Jesus het gesê: ''n Groter as hierdie. . .'" Kom doen jy eers die werke wat Hy gedoen het, dan sal ons praat oor die groter, en ek sal vir jou sê wat dit is. Jesus kon nie die doop van die Heilige Gees preek nie, dit het nog nie gekom nie, dis die groter werke wat ons doen. Maar doen dieselfde werke wat Hy gedoen het, Hy het gesê julle sou.

Wat dink jy van daardie nekprobleem, dame? Dink jy die Here sal dit genees en dit gesond maak? Hy het.

Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, sy's 'n totale vreemdeling vir my.

Is dit reg, dame? Steek jou hand op. Maar jy het daar gesit en bid, het jy nie? Dis reg. "Here, laat dit ek wees."

Hoe kan ek vir haar sê waaroor sy bid? Daar's haar hand op, haar regterhand voor God dat dit waar is. Wat is dit? Ek? Nee, dis Hy.

257 Dit was nie 'n man wat daar by Abraham gesit het, wat die vlees geëet het en sulke goed nie, dit was God in daardie Man. Dit was nie Jesus nie, Hy het gesê: "Dis My Vader wat in My woon."

258 Daar's 'n gesette dame, wat reg agter haar sit, reguit na my kyk, wat daar gebid het vir, vandat ek begin het, dit gesê het, gebid het vir daardie hartprobleem. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand op. Nou, glo jy? Goed, jou hartprobleem is verby. Hê geloof, moenie twyfel nie.

259 Sê: "Waarom lyk jy so?" Ek het die Lig dopgehou, Dis bokant hierdie dame net hier. Sy bid nie vir haarself nie, maar sy bid vir haar suster, sy het hartprobleme. Sy's in die hospitaal, is sy nie? As dit reg is, steek jou hand op. Jy het vir haar gebid. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie* sodat die mense sal sien. Hoe kan ek vir jou sê waaroor jy bid? God Wat gebede hoor, antwoord gebed. Glo jy sy kom uit, is nou reg? Jy het Hom aangeraak. Dis reg.

260 Jy bid vir jou oë, al het jy 'n bril op, wat daar sit, die dame net hier op die punt met hierdie wit jas aan. Ja. Jy het daar gesit en bid vir jou oë, het jy nie? Dat jy mag weet: Die dame langs jou bid vir spatare. As dit reg is, steek jou hand op. Dame wat langs haar sit, sy bid vir 'n senuweetoestand wat sy gehad het vir 'n geruime tyd. Dit reg is, steek jou hand op. Sien?

261 Glo jy? Jy sê: "Broer Branham, die Engel het Sy rug gedraai gehad. Sal Hy op dieselfde manier optree? Jy kyk ons in die gesig, jy mag ons gedagtes lees." Goed, dan sal ek my rug draai. Kyk of dit dieselfde Engel is. Nou, ek's nie Hy nie, Dis Sy Gees.

262 Nou, as julle na my kyk, kyk wat hier staan. Sien daardie Lig? Nou, daar's 'n vrou, sien haar sit? Sy sit, sy sou aan *hierdie* kant agter my wees. Sy ly aan 'n—'n vergroeisel in haar keel, en sy het 'n seun by haar, en hy het sinusprobleme. Haar naam is Mev. Mitchell. Staan op, Mev. Mitchell, glo met jou hele hart.

263 Dame, ek ken jou nie, as dit reg is, wuif jou hand heen-en-weer *hierdie* kant toe. Was dit waaroor jy gebid het, wat Hy vir jou gesê het? Goed. Ontvang dit nou, gaan huis toe, word gesond. Jesus Christus maak jou gesond.

Glo jy?

264 Daar is 'n man wat reg agter haar sit. Hy kyk hiernatoe, ek sien dit net nou. Hy het ook 'n rugprobleem, hy is geopereer vir 'n rugprobleem. Hy het sinus, dis wat hom laat glo het, hy het 'n sinusprobleem. Dis reg. Mnr. Bush, waarom staan jy nie op en aanvaar jou genesing, ook nie?

Glo jy?

265 As ek jou nie ken nie, meneer, wuif jou hande heen-en-weer, as—as ons nie mekaar ken nie. Was dit waaroor jy gebid het? Wuif jou hande *so* heen-en-weer, as jy. . . as dit was wat, gebid het. Goed. God seën jou. Gaan huis toe, ontvang jou genesing.

Hy's 'n wonderlike Verlosser, is Hy nie?

266 Daar's 'n man wat daarbo op die balkon sit, hy ly aan brongiale probleme. Mnr. Brown, staan op. Daar het julle dit. Ek ken jou nie, ken ek, meneer? As dit reg is, steek jou hand op. Jy's genees, Jesus Christus maak jou gesond.

267 Reg daar oorkant, sit 'n dame wat bid vir haar broer met kanker. Hê geloof, hy sal genees word as jy dit glo. Glo jy dit met jou hele hart? Goed, jy kan dit kry.

Hartprobleme, senuweeagtig, reg op die punt, artritis wat reg agter haar sit. Glo jy met jou hele hart?

268 Nou, is Hy hier? Glo julle Hy's hier? Dit het oraloor die hele gebou gegaan, om julle te wys dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Nou, aan almal van julle, lyk asof dit nou kon. . .

269 Hoeveel weet dat visioene jou net amper doodmaak? Jesus het gesê: "Ek merk dat daar krag van My uitgegaan het." Dis Hy. Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar dit wys dat Daardie selfde Engel, dieselfde belofte! Die volgende ding is vernietiging in hierdie volk, nie net hierdie volk nie, maar elke volk, die eindtyd is hier, die verandering wag vir die mense.

270 Hoeveel het gebedskaartjies? Steek julle hand op. Ek wil hê julle moet, hierdie ry hier moet opstaan, reguit afkom hiernatoe. Begin net opstaan, ry vir ry, kom reguit af hiernatoe.

271 Nou, ek sal julle iets vertel, ek wil iets vir julle bewys. Ek's nie die enigste een wat vir siek mense bid nie, my broers hier het net soveel reg as wat ek het om vir siek mense te bid, en ek wil dit vir julle bewys.

Broers, kom.

272 Julle kan nie hiernatoe kom nie, menere, julle moet uitgaan, en omkom na die ander kant, oorkant na daardie kant toe. Met

gebedskaartjies, net met gebedskaartjies. Gaan uit, en kom om na daardie kant toe. Net met gebedskaartjies nou.

273 Ek wil hê my broers moet hier staan. Kom hier, broers, ek wil hê julle, vorm 'n ry aan beide kante van my hier. Kom hier. Dat hierdie mense mag weet, jy hoef nie te wag vir iemand soos Oral Roberts, of Tommy Hicks, of iemand wat verbykom nie, hierdie manne is verordineer deur God om vir die siekes te bid. Hulle het net soveel reg om vir die siekes te bid as wat ek, of enigiemand anders het. Julle kan dit net nou sien, binne 'n paar minute as hierdie waarlik Sade van Abraham is.

274 Enige hierbinne wat nou gebedskaartjies het? As jy het, beweeg reguit uit in die paadjies in, hierbinne, en gaan reg rondom, en vorm daardie ry, gaan reguit uit deur die agterkant, beweeg reg rondom, en vorm die ry.

275 Nou, as jy nie jou geloof in Christus bely nie, moenie kom nie, want dit sal erger vir jou wees, "Gaan, jy, en sondig nie meer nie." Wat is sonde? ['n Broer sê: "Oortreding van die wette."—Red.] Ongeloof. Oortreding van die wette is reg. Ongeloof. "Hy wat nie glo nie, is" (Wat?) "alreeds veroordeel." Is dit reg?

276 Hierdie, predikers? Goed. Ja. Waar is jy, Broer Hall? Hierdie Broer Hall hier het 'n bediening, hy bid ook vir die siekes, het landwye dienste, Broer Hall. Wil hê jy moet hier inkom, Broer Hall, ek wil hê julle moet vorm, julle almal, vorm 'n dubbele ry hier.

277 Almal in hierdie seksie nou met gebedskaartjies, kom reguit uit in die paadjie, gaan reguit vorentoe, en gaan om aan die agterkant. En julle op die balkon wat gebedskaartjies het, as daar enige van julle daarbo is, kom reguit af, en neem julle plek in die paadjies, reg hieronder agter die plek, julle met gebedskaartjies, kom in die ry.

Nou, as jy nie glo nie, en jy is nie Abraham se Saad nie, en nie gereed, net nou, om te sê: "Dis alles afgehandel, dis alles verby. . . "

278 Nou, dieselfde God wat hier is om hierdie dinge te doen. . . Die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Hoeveel glo dat Dit die Heilige Gees *is*? Steek jou hand op. Nou, julle weet, jy kan 'n ander gesindheid hê, en sê Dit was iets anders, dan sal dit tussen jou en God wees, sien, jy sal nooit daarvoor vergewe word nie. Dis reg, Jesus het so gesê. Maar as jy sal glo met jou hele hart!

279 Nou, julle in die gebedsry, julle wat in die gebedsry is, nou, ons kan nie met onderskeiding kom nie, ons weet dit. Miskien, het hierdie broers hier dit nie. Sien? Maar hulle hoef dit nie te hê nie, jy weet wat jy gedoen het, en wat jou probleem is, as jy gesondig het, vra God om jou te vergewe; as jy nie glo nie, vra God om jou genadig te wees en jou te laat glo.

280 Maar hoeveel nou, van julle mense in die gebedsry, wat daar staan, julle wat die gebedskaartjies het, wat in die ry staan, jou hand sal opsteek na God, dat jy Hom aanvaar het as jou Geneser? Steek jou hand op. Die res van julle, as daar sommige hierbuite is wat nie in die gebedsry is nie, wat Hom wil aanvaar as julle Geneser, steek jou hand op. God seën julle.

281 Nou, die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Is dit wat Hy gesê het? Wel, dan is daar een of ander soort van 'n—'n Gees hier, daar is een of ander krag wat weet wie jy is, alles van jou af weet. Is dit nie reg nie? Hy weet alles. Wel, Hy, as Hy belowe het om dit te doen, Hy hou daardie belofte, Hy sal elke belofte hou.

282 Nou, as julle nie glo nie, onthou, moenie in die gebedsry kom nie.

283 Nou, broers, ek wil hê dat omtrent die helfte van julle aan een kant *hier*, sal afkom na *hierdie* kant. Dis reg. Dieselfde manier *hier*, dis reg, elke ander een, maak 'n dubbele lyn. Dis goed. Julle twee predikers? O, julle help hulle van die platvorm af, iemand daaronder om hulle weg te help.

Nou, voor jy die gebedsry begin, Billy, wag net 'n oomblik, laat ons bid.

284 Luister, vriende, ek wil julle broers vra, ek het volmaakte vertroue in julle as my broers, ek weet julle is manne van God, geroep deur God. Ek probeer hierdie gehoor laat weet dat hulle nie hoef te wag vir iemand om verby te kom, een of ander spesiale gawe nie. Gawes genees nie, gawes verklaar net God. Julle is almal predikers wat die Woord baie beter ken as ek, so jou gawe is om dit te doen, en dis die oorspronklike manier, Sy Woord te glo. Hy het Sy Woord gestuur en hulle genees, dis hoe dit veronderstel is om te wees. Maar dan, is God so goed, en maak sulke beloftes, as—as—as hulle nie die Woord kan glo nie, dan wys Hy vir hulle 'n teken dat dit Hy daar is, dis waarvoor dit is, dis waarom ek julle hier het.

285 En nou, dink net: Wat as my moeder in daardie ry gestaan het, of wat as jou ma in daardie ry gestaan het? Wat as my vrou in daardie ry was, of julle vroue was in daardie ry? Wat as my kind in daardie ry gestaan het, en jou kind het in daardie ry gestaan?

286 Gehoor, wat as julle my moeder was, of my vader, my broer, my suster, my vrou, of kind? En wat as dit was, hierdie *ander* was joune? Nou, die krag van die Kerk is om te vergader en te bid. Nou, ons kan bid, en dan hande op die siekes lê. Julle onthou, Petrus het soontoe gegaan en vir Dorkas in die hoek gebid, toe opgestaan van sy gebed af, gegaan en hande op haar gelê, en sy het lewendig geword nadat sy dood was? Ons het gebid, en gaan dan deur die ritueel van hande lê op die siekes, net soos om die doop te bedien, of enigiets wat julle broers doen, dieselfde

ding. Glo julle dit almal plegtig? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Nou, laat ons ons hoofde buig. Nou, broers bid, almal.

287 Ons Hemelse Vader, hierdie is die klimaks. Ons het U Woord gepreek, wat U ons verordineer het om te doen, ons het sondaars hulle hande sien opsteek en Christene word, ons het louwarmes hulle hande sien opsteek en weer verenig word met U in gemeenskap, ons het die gelowiges hoor huil en uitroep, ons het die Heilige Gees onder ons sien beweeg, en die Woord bevestig, en om te bewys, volgens die Woord wat ek gepreek het, dat Hy Dit net presies laat doen het wat Hy belowe het Dit sou doen.

288 Here, hierdie mense wil genees word, en ek probeer vir hulle sê, net so seker as wat U U Woord standvastig maak en Dit bevestig, het U hulle alreeds genees, is hulle genees. En as U U beloftes oor een ding hou, hou U U beloftes oor alle dinge. Nou, U kan hulle nie nou genees nie, want hulle is alreeds genees, maar ons het nog een ritueel om deur te gaan, dis om hande op die siekes te lê, jou laaste ding, U, laaste opdrag wat U aan die Kerk gee, en hierdie is die laaste diens in hierdie herlewing. Ons voer die laaste opdrag uit: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word."

289 God, ek bid dat elkeen van hierdie predikers hier so gesalf sal wees met die Heilige Gees, dat hulle nooit vanaand sal vergeet, wanneer hierdie mense hier deurgaan nie. Hulle bid, Here, hulle harte brand, hulle wil iets vir U doen. Daar is ander daarbuite in die gehoor, wat nie in die gebedsry staan nie, hulle bid. Laat die Heilige Gees Wat teenwoordig is en hierdie gebou nou vul met Sy Teenwoordigheid, bo in die balkonne, onder op die vloer, oral, Hy's hier, laat Hom nou kom, Here, en ons salf.

290 En laat hierdie mense so gesalf wees, wat hier deurgaan, net sodra, hulle in die ry kom, mag hulle besef dat hulle nie na mense toe kom nie, maar hulle kom na God. Mag hulle hier onder deurloop asof hulle onderdeur die kruis gegaan het, van hierdie platvorm afgaan met vreugde, as Saad van Abraham, wat sterk is, God prys, in die paadjies afgaan en God prys, en genees word.

291 Mag hierdie broers hulle kerke sien groei in krag en strekte deur hulle getuienisse, en ander sal inkom, en groot dinge gedoen word. Vader, skenk dit. Ons vertrou hulle nou toe aan U, en onsself, dat U ons sal salf, deur Jesus Christus ons Here. Amen.

292 Nou, aan almal, almal wat glo, steek julle hande op: "Ek glo. Ek glo, Here, ek glo."

293 Nou, as die salwing so groot word, kry ek nie kans om *totsiens* te sê vir julle nie, die Here seën julle.

294 Almal in gebed nou. Ons het alreeds gebid. Nou, laat ons nou sing, terwyl ons: "Glo net, glo net," soos ons ons hoofde eerbiedig buig, bid net nou vir mekaar, soos ons hande op hierdie mense lê.

Glo net, net . . .

Kom, my broer. In die Naam van Jesus Christus, ontvang julle genesing.

295 In die Naam van Jesus, ontvang jou genesing, my broer. Amen. Dis reg . . .? . . . [Broer Branham hou aan bid vir hulle in die gebedsry, baie van sy woorde is ononderskeibaar. Leë kol op band—Red.]

. . . al die res het oorgebly. Dis jou gesindheid waarin jy God nader, dis wat dit is.

In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing.

In die Naam van Jesus Christus, ontvang dit.

O, Saad van Abraham, kom gelowig!

In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing.

O God, genees my broer, bid ek.

In die Naam van ons Here Jesus, genees my broer.

In die Naam van die Here Jesus, genees my suster, Vader, bid ek.

God, in Jesus' Naam . . .? . . .

In die Naam van die Here Jesus, maak haar gesond, Vader.

In die Naam van Jesus, maak haar gesond, Vader.

In Jesus' Naam, bid ek vir hom.

In die Naam van die Here Jesus . . .? . . .

In die Naam van die Here Jesus . . .? . . .

In die Naam van die Here Jesus . . .? . . .

In die Naam van Jesus . . .? . . .

In die Naam van Jesus . . .? . . . [Broer Branham bly bid vir hulle in die gebedsry, baie van sy woorde is ononderskeibaar—Red.]

296 Almal wat nou in Hom glo as hulle Geneser, sal julle Hom nou aanvaar, as Abraham se Saad? Sal jy glo in die Here Jesus met jou hele hart? Wil julle Hom nou aanvaar vir enigiets, verlossing, vir genesing, vir die doop van die Gees, of nog meer? Sal julle Hom glo met julle hele hart? Staan dan op julle voete, staan op. "As die Saad van Abraham, as Christengelowiges glo ons nou Jesus Christus." Sit julle hande oorkant op mekaar. Nou, moenie vir jouself bid nie, bid vir daardie een langs jou.

En ons broers, ons sal onsself verenig.

297 As een Christen-eenheid, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinksters, Katoliek, wat jy ook al is, ons verenig onsself en ons

pogings voor Jehova God, ons Verlosser, Wat nou teenwoordig is om Homself lewendig te wys na negentienhonderd jaar. Hy's hier in Richmond, Virginia, vanmiddag in die vorm van die Heilige Gees, wat Homself lewendig bewys, Hy genees julle nou, elkeen van julle.

298 In die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, mag elke duiwelsmag gebreek word, en elke persoon genees word, tot die eer van God.

61-0312 Jehova-Jireh
Liriek Gebou
Richmond, Virginia V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org